

# MALAKIM Aief

## 1 Konings

**1** En koning Dawid was oud en ver in dae. En hulle het hom met klere toege-  
maak, maar hy kon nie warm word nie.

<sup>2</sup> En sy dienaars het aan hom gesê: "Laat hulle vir my meester die koning 'n jongmeisie soek, dat sy voor die koning kan staan en hom versorg en in u skoot lê, sodat my meester die koning warm kan word."

<sup>3</sup> Hulle het toe in die hele grondgebied van Jisra'el 'n mooi meisie gesoek en Abisag, die Shunamiet, gevind en haar na die koning gebring.

<sup>4</sup> En die meisie was besonder mooi, en sy het die koning versorg en hom bedien, maar die koning het haar nie beken nie.

<sup>5</sup> En Adonija, die seun van Haggit, het homself verhef en gesê: "Ek sal regeer!" En hy het vir hom 'n wa en perderuiters gekry en vyftig man wat voor hom uit hardloop.

<sup>6</sup> En sy vader het hom sy lewe lank nie berispe nie deur te sê: "Waarom maak jy so?" Bowendien was hy ook baie aantreklik van gestalte, en hy is ná Abshalom gebore.

<sup>7</sup> En hy het met Joab, die seun van Tserúja, gepraat en met Ebjatar, die priester, en hulle het Adonija gehelp.

<sup>8</sup> Maar Tsadok, die priester, en Benájahu, die seun van J'hojada, en Natan, die profeet, en Shim'i en Rei en die helde van Dawid was nie saam met Adonijahu nie.

<sup>9</sup> En Adonijahu het kleinvee en beeste en vetgemaakte vee geoffer by die klip Sohélet wat by die fontein Rogël is. Hy het al sy broers, die seuns van die koning, en al die mans van J'huda, die dienaars van die koning, genooi.

<sup>10</sup> Maar Natan, die profeet, en Benájahu en die helde en sy broer Sh'lomo het hy nie genooi nie.

<sup>11</sup> Toe het Natan vir Batsheba, die moeder van Sh'lomo gesê: "Het u nie gehoor dat Adonijahu, die seun van Haggit, koning geword het, en Dawid ons meester weet dit nie?"

<sup>12</sup> "En nou, kom laat ek u tog raad gee, dat u u lewe en die lewe van u seun Sh'lomo kan red.

<sup>13</sup> "Gaan in by koning Dawid en sê vir hom: 'Het ú nie, my meester die koning, vir u dienaars gesweer en gesê: "U seun Sh'lomo sal sekerlik ná my koning word, en hy sal op my troon sit", nie? Waarom het Adonijahu dan koning geword?'

<sup>14</sup> "Kyk, terwyl u nog daar met die koning praat, sal ek na u inkom en u woorde aanvul."

<sup>15</sup> En Batsheba het na die koning in die kamer gegaan, terwyl die koning baie oud was en Abisag, die Shunamiet, het die koning bedien.

<sup>16</sup> En Batsheba het gebuig en neergeval voor die koning. Toe het die koning gesê: "Wat wil u hê?"

<sup>17</sup> En sy het vir hom gesê: "My meester, ú het by יהוה u Elohim vir u dienaars gesweer: 'U seun Sh'lomo sal sekerlik ná my koning word, en hy sal op my troon sit.'

<sup>18</sup> "En kyk, nou het Adonija koning geword. En u, my meester die koning, weet dit nie.

<sup>19</sup> "En hy het beeste en vetgemaakte vee en kleinvee in menigte geslag en al die seuns van die koning en Ebjatar, die priester, en Joab, die leërowerste, genooi, maar u dienaar Sh'lomo het hy nie genooi nie.

<sup>20</sup> "En ú, my meester die koning, die oë van die hele Jisra'el is op u om aan hulle te verklaar wie op die troon van my meester die koning ná hom sal sit.

<sup>21</sup> "Anders sal dit gebeur, wanneer my

meester die koning met sy vaders ontslaap het, dat ek en my seun Sh'lomo as misdadigers gehou sal word."

<sup>22</sup> En kyk, terwyl sy nog met die koning gepraat het, het die profeet Natan ingekom.

<sup>23</sup> En hulle het die koning ingelig en gesê: "Hier is Natan, die profeet." Toe het hy voor die koning gekom en hom voor die koning met sy aangesig na die aarde toe gebuig.

<sup>24</sup> En Natan het gesê: "My meester die koning, het ú gesê: 'Adonijahu sal ná my koning word, en hy sal op my troon sit?'"

<sup>25</sup> "Want hy het vandag gegaan en beeste en vetgemaakte vee en kleinvee in menigte geoffer en al die seuns van die koning en die leërowerstes en Ebjatar, die priester, genooi. En kyk, hulle eet en drink voor hom en sê: 'Mag koning Adonijahu lewe!'"

<sup>26</sup> "Maar my, u dienaar, en Tsadok, die priester, en Benájahu, die seun van J'hojada, en Sh'lomo, u dienaar, het hy nie genooi nie.

<sup>27</sup> "Indien hierdie saak van my meester die koning is, dan het u aan u dienaar nie bekend gemaak wie op die troon van my meester die koning ná hom sal sit nie."

<sup>28</sup> En koning Dawidhet geantwoord en gesê: "Roep Batsheba vir my!" En sy het ingekom voor die koning en voor die koning gaan staan.

<sup>29</sup> En die koning het gesweer en gesê: "So waar as יהוה leef wat my uit alle benoudheid verlos het,

<sup>30</sup> soos ek u by יהוה, die Elohim van Jisra'el, gesweer en gesê het: 'Sekerlik, u seun Sh'lomo moet ná my koning word en hy moet op my troon sit in my plek,' sekerlik so doen ek vandag nog."

<sup>31</sup> En Batsheba het die gesig na die aarde gebuig en voor die koning neergeval en gesê: "Mag my meester, koning Dawid, vir ewig lewe!"

<sup>32</sup> En koning Dawid het gesê: "Roep vir my Tsadok, die priester, en Natan, die profeet, en Benájahu, die seun van J'hojada." En hulle het voor die koning

gekome.

<sup>33</sup> En die koning het vir hulle gesê: "Neem die dienaars van julle meester met julle saam en laat my seun Sh'lomo op my eie muil ry, en bring hom af na Giḥon toe.

<sup>34</sup> "En daar sal Tsadok, die priester, en Natan, die profeet, hom as koning oor Jisra'el salf, en blaas julle die ramshoring en sê: 'Mag koning Sh'lomo lewe!'"

<sup>35</sup> "En julle moet agter hom optrek, en hy moet kom en op my troon sit, want hy moet in my plek regeer. Want ek het hom aangestel om regeerder oor Jisra'el en J'huda te wees."

<sup>36</sup> En Benájahu, die seun van J'hojada, het die koning geantwoord en gesê: "Omēn! So sê יהוה, Elohim van my meester die koning.

<sup>37</sup> "Soos יהוה met my meester die koning was, mag Hy so met Sh'lomo wees en mag Hy sy troon groter maak as die troon van my meester die koning Dawid."

<sup>38</sup> En Tsadok, die priester, saam met Natan, die profeet, en Benájahu, die seun van J'hojada, en die Kreti en die Pleti, het afgegaan en hulle het Sh'lomo laat ry op die muil van koning Dawid en hom na Giḥon geneem.

<sup>39</sup> En die priester Tsadok het die horing met olie uit die Tent geneem en Sh'lomo gesalf, en hulle het die ramshoring geblaas, en die hele volk het gesê: "Mag koning Sh'lomo lewe!"

<sup>40</sup> En die hele volk het agter hom opgekom. En die volk het fluite gespeel en hulle verheug met groot vreugde, en die aarde geskeur het van hulle uitroep.

<sup>41</sup> En Adonijahu en al die genooides wat by hom was, het net toe hulle net klaar geëet het, dit gehoor. Toe Joab die geluid van die ramshoring gehoor het, het hy gesê: "Waarom is die geluid van die stad so oproerig?"

<sup>42</sup> En terwyl hy nog gepraat het, het Jónatan, die seun van die priester Ebjatar, daar aangekom. En Adonijahu het vit hom gesê: "Kom in, want jy is 'n dapper man en bring 'n goeie boodskap."

<sup>43</sup> Maar Jónatan het Adonijahu geantwoord en gesê: "Nee! Ons meester, koning Dawid, het Sh'lomo koning gemaak!

<sup>44</sup> "En die koning het Tsadok, die priester, en Natan, die profeet, en Benájahu, die seun van J'hojada, en die Karëti en die Palëti saam met hom gestuur, en hulle het hom op die koning se muil laat ry.

<sup>45</sup> "En Tsadok, die priester, en Natan, die profeet, het hom in Giḥon as koning gesalf. En hulle het van daar met vreugde opgetrek, wat die stad in beroering gebring het. Dit is die uitroep wat julle gehoor het.

<sup>46</sup> "En verder, Sh'lomo sit op die koninklike troon.

<sup>47</sup> "En verder, het die dienaars van die koning gekom om ons meester koning Dawid te seën met die woorde: 'Mag u Elohim die naam van Sh'lomo beter maak as u naam en sy troon groter maak as u troon.' En die koning het op die bed aanbid.

<sup>48</sup> "En die koning het ook so gesê: Geseënd is יהוה, die Elohim van Jisra'ël, wat vandag gegee het dat een op my troon sit terwyl my oë dit sien!"

<sup>49</sup> En al die genooïdes wat by Adonijahu was, was bevrees en het opgestaan en elkeen sy pad gegaan.

<sup>50</sup> Maar Adonijahu was bevrees vir Sh'lomo en het opgestaan en gegaan en die horings van die altaar vasgehou.

<sup>51</sup> En dit is aan Sh'lomo vertel en gesê: "Kyk, Adonijahu is bevrees vir koning Sh'lomo. En kyk, hy hou die horings van die altaar vas en sê: 'Laat koning Sh'lomo eers vir my sweer dat hy sy dienaar nie met die swaard sal doodmaak nie.'"

<sup>52</sup> En Sh'lomo het gesê: "Indien hy homself 'n betroubare man bewys, sal geen haar van hom op die aarde val nie; maar indien daar boosheid in hom gevind word, moet hy sterf."

<sup>53</sup> En koning Sh'lomo het gestuur, en hulle het hom van die altaar afgebring, en hy het gekom en hom voor koning Sh'lomo gebuig. En Sh'lomo het vir hom

gesê: "Gaan na jou huis."

**2** En die dae van Dawid het nader gekom om te sterf, en hy het sy seun Sh'lomo bevel gegee en gesê:

<sup>2</sup> "Ek gaan die weg van die hele aarde. Wees sterk en wees 'n man.

<sup>3</sup> "En bewaar die bevels van יהוה jou Elohim deur te wandel in Sy weë, deur Sy wette, sy gebooie en sy regsreëlings en sy getuïenisse te bewaar, soos geskryf is in die Tora van Moshe, sodat jy in alles wat jy doen suksesvol wees, en alles waarheen jy jou draai.

<sup>4</sup> "Sodat יהוה Sy woord mag vervul wat Hy oor my gespreek het en gesê: 'Indien jou seuns ag gee op hulle weg deur voor My getrou te wandel met hulle hele hart en met hulle hele wese, dan sal daar nie vir jou 'n man op die troon van Jisra'ël ontbreek nie.'

<sup>5</sup> "En ook, jy weet wat Joab, die seun van Tserúja, my aangedoen het, wat hy die twee leërowerstes van Jisra'ël, Abnër, die seun van Nër, en Amása, die seun van Jeter, aangedoen het, hoe hy hulle vermoor en oorlogsbloed in vredestryd vergiet het, sodat hy die gordel wat om sy heupe en die skoene wat aan sy voete was, met oorlogsbloed bevlek het.

<sup>6</sup> "Handel dan volgens jou wysheid, en jy moet nie sy grys hare met vrede in Sheol laat neerdaal nie.

<sup>7</sup> "Maar aan die seuns van Barsillai, die Gil'adiet, moet jy guns bewys, en hulle moet wees onder die wat aan jou tafel eet, want só het hulle na my toe gekom toe ek vir jou broer Abshalom gevlug het.

<sup>8</sup> "En kyk, by jou is Shim'i, die seun van Gëra, die Benjaminiet, uit Baḥúrim, wat my gevloek het met 'n hewige vloek die dag toe ek na Maḥanájim gegaan het. En hy het afgekom en my by die Jardën ontmoet, sodat ek vir hom by יהוה gesweer en gesê het: 'Ek sal jou nie met die swaard doodmaak nie.'

<sup>9</sup> Maar nou moet jy hom nie ongestraf laat bly nie, want jy is 'n wyse man en jy weet wat jy hom moet aandoen, dat jy sy grys hare met bloed in Sheol laat

neerdaal."

<sup>10</sup> En Dawid het met sy vaders ontslaap, en hy is begrawe in die Stad van Dawid.

<sup>11</sup> En die dae wat Dawid oor Jisra'el regeer het, was veertig jaar. Hy het sewe jaar in Hebron regeer, en in J'rushalajim het hy drie en dertig jaar regeer.

<sup>12</sup> En Sh'lomo het op die troon van sy vader Dawid gaan sit, en sy koningskap is goed bevestig.

<sup>13</sup> En Adonijahu, die seun van Haggit, het na Bâtsheba, die moeder van Sh'lomo, gekom en sy het gesê: "Kom jy in vrede?" En hy het gesê: "Vrede."

<sup>14</sup> En hy het gesê: "Ek het 'n woord vir u." En sy het gesê: "Praat."

<sup>15</sup> En hy het gesê: "U weet dat die koningskap myne was en die hele Jisra'el hul gesig op my gerig het, dat ek sou regeer. Maar die koningskap is gedraai en het my broer s'n geword, want dit is deur יהוה syne.

<sup>16</sup> "En nou rig ek een versoek aan u, wys my nie af nie." En sy het aan hom gesê: "Praat."

<sup>17</sup> En hy het gesê: "Praat asseblief met koning Sh'lomo – want hy sal u nie weier nie – om Abisag, die Shunamiet, aan my as vrou te gee."

<sup>18</sup> En Bâtsheba het gesê: "Goed, ek sal namens jou met die koning praat."

<sup>19</sup> En Bâtsheba het by koning Sh'lomo gekom om met hom oor Adonijahu te praat, en die koning het opgestaan om haar te ontmoet en voor haar gebuig. En hy het op sy troon gaan sit en vir die moeder van die koning 'n stoel laat neersit. En sy het aan sy regterhand gesit.

<sup>20</sup> En sy het gesê: Ek het een klein versoek aan u, weier my nie." En die koning het aan haar gesê: "Vra, my moeder, want ek sal u nie weier nie."

<sup>21</sup> En sy sê: "Laat Abisag, die Shunamiet, aan Adonijahu, u broer, as vrou gegee word."

<sup>22</sup> En koning Sh'lomo het geantwoord en aan sy moeder gesê: "Maar waarom vra u Abisag, die Shunamiet, vir Adonijahu?

Vra ook die koningskap vir hom, want hy is my ouer broer, ja, vir hom en vir Ebjatar, die priester, en vir Joab, die seun van Tserúja!"

<sup>23</sup> En koning Sh'lomo het gesweer by יהוה en gesê: "Mag Elohim so aan my doen en meer, want Adonijahu het hierdie woord ten koste van sy lewe gesê!

<sup>24</sup> En nou, so waar as יהוה leef wat my bevestig het en my op die troon van my vader Dawid laat sit en vir my 'n huis gestig het volgens Sy belofte, Adonijahu sal vandag doodgemaak word!"

<sup>25</sup> En koning Sh'lomo het deur die hand van Benájahu, die seun van J'hojada en hy het hom geslaan, en hy is dood.

<sup>26</sup> Die koning het toe vir Ebjatar, die priester, gesê: "Gaan na Anatot op jou grond, want jy verdien die dood. Maar vandag sal ek jou nie doodmaak nie, omdat jy die ark van Meester יהוה voor my vader Dawid uit gedra het en omdat jy gely het in alles wat my vader gely het."

<sup>27</sup> So het Sh'lomo Ebjatar verdryf om priester van יהוה te wees, om die woord van יהוה te vervul wat Hy oor die huis van Éli in Shilo gesê het.

<sup>28</sup> En die boodskap het by Joab gekom, want Joab het na Adonijahu gedraai, alhoewel hy nie na Abshalom gedraai het nie. En Joab het gevlug na die tent van יהוה en die horings van die altaar vasgehou.

<sup>29</sup> En koning Sh'lomo is vertel dat Joab na die tent van יהוה gevlug het, en kyk, hy is daar by die altaar! Sh'lomo het toe aan Benájahu, die seun van J'hojada, gestuur en gesê: "Gaan, slaan hom."

<sup>30</sup> So het Benájahu by die tent van יהוה gekom en vir hom gesê: "So sê die koning: 'Kom uit!'" Maar hy het gesê: "Nee, want hier wil ek sterf." En Benájahu het die koning 'n antwoord gebring en gesê: "Só het Joab gesê, en só het hy my geantwoord."

<sup>31</sup> En die koning het aan hom gesê: "Maak soos hy gesê het. Slaan hom, en

begrawe hom, sodat jy die onskuldige bloed wat Joab vergiet het, van my en my vader se huis af verwyder.

<sup>32</sup> "En יהוה sal sy bloed op sy eie kop laat neerkom, omdat hy twee mans, regverdiger en beter as hy, geslaan en hulle met die swaard vermoor het sonder medewete van my vader Dawid: Abnér, die seun van Nér, die leërowerste van Jisra'él, en Amása, die seun van Jeter, die leërowerste van J'huda.

<sup>33</sup> "En hulle bloed sal op die kop van Joab en op die kop van sy saad vir ewig neerkom, maar Dawid en sy saad en sy huis en sy troon sal vrede kan hê van יהוה tot in ewigheid."

<sup>34</sup> Toe het Benájahu, die seun van J'hojada, opgegaan en hom geslaan en hom doodgemaak. En hy is begrawe in sy huis in die woestyn.

<sup>35</sup> En die koning het Benájahu, die seun van J'hojada, in sy plek oor die leer aangestel, en Tsadok, die priester, het die koning aangestel in die plek van Ebjatar.

<sup>36</sup> En die koning het Shím'i laat roep en vir hom gesê: "Bou vir jou 'n huis in J'rushalajim, en woon daar en moet daarvandaan nêrens heen uitgaan.

<sup>37</sup> "Want die dag dat jy uitgaan en oor die spruit Kidron trek, moet jy sekerlik weet dat jy sal sterf. Jou bloed sal op jou kop wees."

<sup>38</sup> En Shím'i het vir die koning gesê: "Dit is goed. Soos my meester die koning gesê het, so sal u dienaar doen." En Shím'i het baie dae in J'rushalajim gebly.

<sup>39</sup> En dit het gebeur aan die einde van drie jaar dat twee van Shím'i se slawe na Agis, die seun van Määga, die koning van Gat weggeloop het. En aan Shím'i is vertel en gesê: "Kyk, jou slawe is in Gat."

<sup>40</sup> Toe het Shím'i opgestaan en sy donkie opgesaal en na Gat vertrek, na Agis, om sy slawe te soek. En Shím'i het gegaan en sy slawe van Gat af gebring.

<sup>41</sup> En Sh'lomo is vertel dat Shím'i uit J'rushalajim na Gat weggegaan en teruggekem het.

<sup>42</sup> Die koning het Shím'i toe laat roep, en

hy het vir hom gesê: "Het ek jou nie by יהוה laa sweer en jou gewaarsku nie en gesê: 'Op die dag dat jy uitgaan en êrens heen trek, moet jy sekerlik weet dat jy sal sterf?' En jy het aan my gesê: 'Die woord wat ek gehoor het is goed.'

<sup>43</sup> "Waarom het jy dan die eed by יהוה en die gebod wat ek jou opgelê het, nie gehou nie?"

<sup>44</sup> Die koning het ook vir Shím'i gesê: "Jy sal al die boosheid ken wat jou hart ken, wat jy my vader Dawid aangedoen het. En יהוה sal jou boosheid op jou eie kop laat neerkom.

<sup>45</sup> "Maar koning Sh'lomo is geseënd en die troon van Dawid is bevestig voor יהוה tot in ewigheid!"

<sup>46</sup> Die koning het toe Benájahu, die seun van J'hojada beveel en hy het uitgegaan en hom geslaan, en hy is dood. En die koningskap is bevestig in die hand van Sh'lomo.

**3** En Sh'lomo het is die huwelik verbind met Par'o, die koning van Mitsrajim, en hy het die dogter van Par'o geneem en haar in die Stad van Dawid gebring totdat hy klaar was met die bou van sy eie huis en die Huis van יהוה en die muur rondom J'rushalajim.

<sup>2</sup> Die volk het egter op die hoogtes geoffer, omdat daar tot op daardie dae geen huis vir die Naam van יהוה gebou was nie.

<sup>3</sup> En Sh'lomo het יהוה liefgehad en in die wette van sy vader Dawid gewandel. Hy het egter op die hoogtes geoffer en rook laat opgaan.

<sup>4</sup> En die koning het na Gily'on gegaan om daar te offer, omdat dit die vernaamste hoogte was. Sh'lomo het 'n duisend brandoffers op daardie altaar geoffer.

<sup>5</sup> In Gily'on het יהוה in 'n droom in die nag aan Sh'lomo verskyn, en Elohim het gesê: "Vra wat Ek jou moet gee."

<sup>6</sup> En Sh'lomo het gesê: "U het 'n groot guns bewys aan U dienaar, my vader Dawid, net soos hy voor U gewandel het in waarheid en in geregtigheid en in opregtheid van hart met U. En U het vir

hom hierdie groot guns bewaar, dat U hom 'n seun gegee het wat op sy troon sit, soos dit vandag is.

<sup>7</sup> "En nou, יהוה my Elohim, U het U dienaar koning gemaak in my vader Dawid se plek. Maar ek is 'n jong seun, ek weet nie om uit of in te gaan nie.

<sup>8</sup> "En U dienaar is tussen U volk wat U gekies het, 'n groot volk wat nie getel of bereken kan word weens die menigte nie.

<sup>9</sup> "Gee dus aan U dienaar 'n verstandige hart om oor U volk te regeer, om tussen goed en kwaad te onderskei, want wie sou hierdie talryke volk van U kan regeer?"

<sup>10</sup> En dit was goed in die oë van die Meester dat Sh'lomo dit gevra het.

<sup>11</sup> En Elohim het vir hom gesê: "Omdat jy dit gevra het en nie vir jou 'n lang lewe gevra het en nie vir jou rykdom gevra het en nie die lewe van jou vyande gevra het en nie, maar vir jou insig gevra het om regsake te verhoor,

<sup>12</sup> kyk, so doen Ek dan volgens jou woord. Kyk, Ek gee jou 'n wyse en verstandige hart, sodat een soos jy vóór jou nie was nie en een soos jy ná jou nie sal ontstaan nie.

<sup>13</sup> "En ook wat jy nie gevra het nie, sal Ek jou gee: rykdom en aansien, sodat onder die konings niemand soos jy sal wees al jou dae nie.

<sup>14</sup> "En indien jy in My weë wandel, deur My wette en My gebooi te onderhou, soos jou vader Dawid gewandel het, dan sal Ek jou dae verleng."

<sup>15</sup> En Sh'lomo het wakker geword, en kyk, dit was 'n droom! En hy het in J'rusalajim gekom en voor die verbondsark van die Meester gaan staan en brandoffers geoffer en dankoffers gebring. En hy het 'n maaltyd vir al sy dienaars gegee.

<sup>16</sup> Daar het toe twee vrouens, hoere, na die koning gekom, en hulle het voor hom gaan staan.

<sup>17</sup> En die een vrou het gesê: "Ag, my meester, ek en hierdie vrou woon in een

huis. En ek het geboorte gegee met haar in die huis.

<sup>18</sup> "En op die derde dag ná ek geboorte gegee het hierdie vrou ook geboorte gegee terwyl ons saam was. Niemand anders was by ons in die huis nie, behalwe ons twee in die huis.

<sup>19</sup> "En die seun van hierdie vrou is dood in die nag, omdat sy op hom gelê het.

<sup>20</sup> "En sy het in die middel van die nag opgestaan en my seun langs my geneem terwyl u dienares geslaap het, en sy het hom in haar skoot neergelê, en haar dooie seun in my skoot neergelê.

<sup>21</sup> "En kyk, toe ek die môre opstaan om my seun te voed, was hy dood. Maar in die môre het ek hom goed bekyk, en dit was nie my seun wat ek geboorte gegee het nie!"

<sup>22</sup> Maar die ander vrou het gesê: "Nee! Maar die lewende is my seun, en die dooie is jou seun." Maar die eerste het gesê: "Nee! Want die dooie is jou seun, en die lewende is my seun." En hulle het voor die koning gepraat.

<sup>23</sup> En die koning het gesê: "Die een sê: 'Dit is my seun, die lewende, en jou seun, die dooie.' En die ander sê: 'Nee! Maar die dooie is jou seun, en my seun die lewende.'"

<sup>24</sup> En die koning het gesê: "Bring vir my 'n swaard!" En hulle het die swaard voor die koning gebring.

<sup>25</sup> En die koning het gesê: "Sny die lewende kind in twee, en gee helfte aan die een en helfte aan die ander."

<sup>26</sup> En die vrou wie se kind die lewende was, het met die koning gepraat, want haar binneste medelye gevoel vir haar seun. En sy het gesê: "Ag, my meester, gee haar die lewende kind en maak hom tog nie dood nie!" Maar die ander een het gesê: "Nie myne of joune nie. Sny deur!"

<sup>27</sup> En die koning het geantwoord en gesê: "Gee haar die lewende kind en maak hom in geen geval dood nie – sy is die moeder."

<sup>28</sup> En die hele Jisra'el het gehoor van die

beslissing wat die koning gelewer het. En hulle het die koning gevrees, want hulle het gesien dat die wysheid van Elohim in hom was om reg te doen.

**4** En koning Sh'lomo was dan koning oor die hele Jisra'el.

<sup>2</sup> En hierdie was sy hoofamptenare: Asárjahu, die seun van Tsadok, was die priester,

<sup>3</sup> Elihóref en Aḥija, die seuns van Shisha, was skrywers. J'hoshafat, die seun van Aḥilud, was historikus.

<sup>4</sup> En Benájahu, die seun van J'hojada, was oor die leër, en Tsadok en Ebjatar was priesters.

<sup>5</sup> En Asárjahu, die seun van Natan, was oor die bestuurders; en Sabud, die seun van Natan, 'n priester, was die vriend van die koning.

<sup>6</sup> En Aḥishar was oor die paleis, en Adoniram, die seun van Abda, was oor die dwangarbeid.

<sup>7</sup> Verder het Sh'lomo oor die hele Jisra'el twaalf bestuurders gehad wat die koning en sy paleis onderhou het; elkeen het 'n maand in die jaar die onderhoud op hom gehad.

<sup>8</sup> En dit is hulle name: Ben-Ḥur op die gebergte van Efrajim;

<sup>9</sup> Ben-Deker in Makats en in Saalbim en Bêt-Shemesh en Élon-Bêt-Ḥanan;

<sup>10</sup> Ben-Ḥesed in Arúbbot; hy het Sogo en die hele land Ḥéfer gehad;

<sup>11</sup> Ben-Abinádab, die hele hoëveld van Dor; hy het Tafat, die dogter van Sh'lomo, as vrou gehad.

<sup>12</sup> Báána, die seun van Aḥilud, het gehad: Táanag en Megiddo en die hele Bêt-She'an wat langs Tsartan onderkant Jisre'el lê, van Bêt-She'an af tot by Abel-Mehóla, tot verby Jókmeam.

<sup>13</sup> Ben-Geber was in Ramot in Gil'ad; hy het die dorpe van Jair, die seun van Manashshe, gehad wat in Gil'ad lê; hy het die landstreek Argob gehad wat in Bashan lê: sestig groot stede met mure en kopergrondels.

<sup>14</sup> Aḥinadab, die seun van Iddo, was in Maḥanajim.

<sup>15</sup> Aḥimaäts in Náftali; hy het ook 'n dogter van Sh'lomo, Basmat, as vrou geneem.

<sup>16</sup> Báána, die seun van Ḥúshai, was in Ashër en in Alot,

<sup>17</sup> J'hoshafat, die seun van Parúag, in Jissaskar,

<sup>18</sup> Shim'i, die seun van Éla, in Binjamin;

<sup>19</sup> Geber, die seun van Uri, in die land Gil'ad, die land van Siḥon, die koning van die Amorieite, en van Og, die koning van Bashan; en hy was die enigste bestuurder in die land.

<sup>20</sup> J'huda en Jisra'el was talryk soos die sand wat aan die seestrand is in menigte; hulle het geëet en gedrink en was bly.

<sup>21</sup> Verder was Sh'lomo regeerder oor al die koninkryke van die Eufraat af tot by die land van die Palisitim, en tot by die grens van Mitsrajim; hulle het belasting aangebring en Sh'lomo gedien al die dae van sy lewe.

<sup>22</sup> En Sh'lomo se voedsel vir een dag was dertig kor fynmeel en sestig kor meel;

<sup>23</sup> tien vetgemaakte beeste en twintig veldbeeste en honderd stuks kleinvee, behalwe die takbokke en gemsbokke en gestippelde takbokke en vetgemaakte ganse.

<sup>24</sup> Want hy het regeer oor alles wes van die Eufraat, van Tifsag af tot by Asa, oor al die konings wes van die Eufraat, en vrede gehad aan alle kante rondom;

<sup>25</sup> sodat J'huda en Jisra'el veilig gewoon het, elkeen onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom, van Dan tot Be'ër-Sheba, al die dae van Sh'lomo.

<sup>26</sup> Verder het Sh'lomo veertig duisend krippe gehad vir sy trekperde, en twaalf duisend ryperde.

<sup>27</sup> En daardie bestuurders het elkeen in sy maand koning Sh'lomo onderhou en almal wat aan die tafel van koning Sh'lomo kom; hulle het niks laat kortkom nie.

<sup>28</sup> En die gars en die strooi vir die perde en die renperde het hulle gebring op die plek waar dit moes wees, elkeen volgens sy orde.

<sup>29</sup> En Elohim het aan Sh'lomo oorvloedig baie wysheid en begrip gegee en 'n breedte van insig soos die sand op die seestrand.

<sup>30</sup> En Sh'lomo se wysheid was groter as die wysheid van al die kinders van die Ooste en as al die wysheid van Mitsrajim.

<sup>31</sup> Ja, hy was wyser as al die mense, as Ĕtan, die Esrahiet, en Hëman en Kalkol en Darda, die seuns van Maĥol. En sy naam was onder al die nasies rondom.

<sup>32</sup> En hy het drie duisend spreuke uitgespreek, en sy liedere was duisend en vyf.

<sup>33</sup> En hy het van die bome gepraat, van die seder op die Leĥanon tot die hisop wat teen die muur uitspruit; ook het hy gepraat van die vee en van die voëls en van die kruipende diere en van die visse.

<sup>34</sup> En hulle het van al die volke gekom om na die wysheid van Sh'lomo te luister, van al die konings van die aarde wat van sy wysheid gehoor het.

**5** En Hiram, die koning van Tsor, het sy dienaars na Sh'lomo gestuur, omdat hy gehoor het dat hulle hom in sy vader se plek as koning gesalf het, want Hiram was altyd 'n vriend van Dawid.

<sup>2</sup> En Sh'lomo na Hiram gestuur en gesê:

<sup>3</sup> "U weet dat my vader Dawid geen huis vir die Naam van יהוה sy Elohim kon bou nie weens die oorloë waarmee hulle hom omring het, totdat יהוה hulle onder sy voetsole gebring het.

<sup>4</sup> "Maar nou het יהוה my Elohim my rus rondom gegee, daar is geen teëstander of dreigende kwaad nie.

<sup>5</sup> "En kyk, ek beplan om vir die Naam van יהוה my Elohim 'n huis te bou soos יהוה met my vader Dawid gepraat en gesê het: 'Jou seun wat Ek in jou plek op jou troon sal sit, hy sal die huis vir My Naam bou.'

<sup>6</sup> "En nou, gee bevel dat hulle vir my seders uit die Leĥanon kap. En laat my dienaars saam met u dienaars wees, en laat my die loon van u dienaars gee net soos u sê. Want u weet self dat onder ons niemand is wat verstaan om bome te

kap soos Tsidon nie."

<sup>7</sup> En dit het gebeur toe Hiram die woorde van Sh'lomo hoor, was hy baie bly en het gesê: "Geseënd is יהוה vandag wat vir Dawid 'n wyse seun gegee het oor hierdie groot volk."

<sup>8</sup> En Hiram het na Sh'lomo gestuur en gesê: "Ek het gehoor wat u my gestuur het. Ek sal alles doen wat u verlang aangaande die sederhout en die sipreshout.

<sup>9</sup> "My dienaars sal dit van die Leĥanon na die see afbring, en ek sal daar vlotte maak op die see, tot by die plek wat u my sal laat weet. En daar sal ek dit uitmekaar laat neem, dan kan u dit laat wegneem, en u moet doen wat ek verlang deur voedsel aan my huis te gee."

<sup>10</sup> En Hiram het aan Sh'lomo sederhout en sipreshout gegee, alles wat hy wou hê.

<sup>11</sup> En Sh'lomo het aan Hiram twintig duisend kor koring as voedsel vir sy huis en twintig kor uitgestampde olie gegee. Dit het Sh'lomo jaar vir jaar aan Hiram gegee.

<sup>12</sup> En יהוה het aan Sh'lomo wysheid gegee volgens Sy belofte. En daar was vrede tussen Hiram en Sh'lomo, en hulle twee het 'n verbond gesluit.

<sup>13</sup> En koning Sh'lomo het uit die hele Jisra'ël dwangarbeiders opgeroep. En die dwangarbeiders was dertig duisend man.

<sup>14</sup> En hy het hulle na Leĥanon gestuur, tien duisend per maand in skofte. Een maand was hulle in Leĥanon, twee maande tuis. En Adoniram was oor die dwangarbeid.

<sup>15</sup> Sh'lomo het ook sewentig duisend draers en tagtig duisend klipkappers in die berge gehad,

<sup>16</sup> buiten die hoofsigters van Sh'lomo wat oor die werk was, drie duisend drie honderd wat die mense wat die werk gedoen het, bestuur het.

<sup>17</sup> En die koning het beveel, en hulle het groot klippe, kosbare klippe gebring om die fondament van die Huis met gekapte



klippe te lê.

<sup>18</sup> En die bouers van Sh'lomo en die bouers van Hiram en die mans van Geḅal het dit gekap en die hout en die klippe bewerk om die Huis te bou.

**6** En dit het gebeur vier honderd en tagtig jaar ná die uittog van die kinders van Jisra'ël uit die land van Mitsrajim, in die vierde jaar van Sh'lomo se regering oor Jisra'ël, in die maand Zif, die tweede maand, het hy die Huis vir יהוה begin bou.

<sup>2</sup> En die Huis wat koning Sh'lomo vir יהוה gebou het, was sestig el lank en twintig breed en dertig el hoog.

<sup>3</sup> En die voorportaal, aan die voorkant van die tempel van die Huis, was twintig lank, volgens die breedte van die huis, en tien el breed aan die voorkant van die Huis.

<sup>4</sup> En hy het vensters in die huis gemaak met nou rame.

<sup>5</sup> En teen die muur van die Huis het hy rondom kamers gebou, aan die mure van die Huis rondom die tempel en die binnevertrek. En hy het dit rondom kamers gemaak.

<sup>6</sup> Die onderste kamer was vyf el breed en die middelste ses el breed en die derde sewe el breed; want hy het vir die Huis rondom buitekant nou rante gemaak, om nie in die mure van die Huis in te bou nie.

<sup>7</sup> En die Huis, toe dit gebou is, is gebou van verwerkte klippe, klaar voorberei, sodat geen hamers of koubeitels, of enige ystergereedskap, by die Huis gehoor is toe dit gebou is nie.

<sup>8</sup> Die ingang van die middelkamer was aan die regterkant van die Huis. En wenteltrappe het opgegaan na die middelste, en van die middelste na die derde.

<sup>9</sup> En hy het die Huis gebou en voltooi, en hy het die huis berdek, met balke en planke van sederhout.

<sup>10</sup> En hy het die kamers teen die hele Huis gebou, elk vyf el hoog, en hy het dit aan die Huis geheg met sederbalke.

<sup>11</sup> En die woord van יהוה het tot Sh'lomo gekom en gesê:

<sup>12</sup> "Hierdie huis, wat jy besig is om te bou - indien jy wandel in My wette en My regsreëlings uitvoer en al My gebooe bewaar en daarin wandel, dan sal Ek My woord aan jou bevestig, wat Ek aan jou vader Dawid gesê het,

<sup>13</sup> dan sal Ek onder die kinders van Jisra'ël woon en My volk Jisra'ël nie verlaat nie."

<sup>14</sup> So het Sh'lomo die Huis gebou en voltooi.

<sup>15</sup> En hy het die mure van die Huis van binne gebou met sederplanke, van die vloer van die Huis af tot by die plafon het hy dit van binne met hout bedek, en die vloer van die Huis het hy met sipresplanke bedek.

<sup>16</sup> En hy het twintig el van die agterkant van die Huis met sederplanke bedek, van die vloer af tot by die balke. En hy het dit binnekant gebou as 'n binnevertrek, as 'n Mees Afgesonderde Plek.

<sup>17</sup> En die Huis vooraan was veertig el, dit is die tempel.

<sup>18</sup> En sederhout binne die Huis was uitgesny met knoppe en oop blomme; dit alles van sederhout, geen klip was te sien nie.

<sup>19</sup> En hy het 'n binnevertrek in die middel van die Huis ingerig om die verbondsark van יהוה daar neer te sit.

<sup>20</sup> En die binnevertrek was twintig el lank en twintig el breed en twintig el hoog. En hy het dit oorgetrek met fyn goud, en die altaar het hy met sederhout bedek.

<sup>21</sup> En Sh'lomo het die huis van binne met fyn goud oorgetrek, en hy het 'n afskorting met goue kettings voor die binnevertrek gemaak, wat hy met goud oorgetrek het.

<sup>22</sup> En die hele Huis het hy met goud oorgetrek, totdat die hele Huis voltooi was. En die hele altaar wat by die binnevertrek was, het hy met goud oorgetrek.

<sup>23</sup> En hy het in die binnevertrek twee kèruḅs gemaak van olyfhout, tien el

hoog.

<sup>24</sup> En vyf el was die een vlerk van die k<sup>er</sup>u<sup>b</sup>, en vyf el was die ander vlerk van die k<sup>er</sup>u<sup>b</sup>. Tien el van die punt van een vlerk tot by die punt van die ander vlerk.

<sup>25</sup> En die ander k<sup>er</sup>u<sup>b</sup> tien el. Albei die k<sup>er</sup>u<sup>b</sup>s het een maat en vorm gehad.

<sup>26</sup> Die hoogte van die een k<sup>er</sup>u<sup>b</sup> was tien el, en so was die ander k<sup>er</sup>u<sup>b</sup>.

<sup>27</sup> En hy het die k<sup>er</sup>u<sup>b</sup>s in die middel van die binnevertrek gesit. En die vlerke van die k<sup>er</sup>u<sup>b</sup>s was uitgesprei, sodat die vlerk van die een aan die een muur geraak het en die vlerk van die ander k<sup>er</sup>u<sup>b</sup> aan die ander muur geraak het. En hulle vlerke, het in die middel van die vertrek, vlerk teen vlerk geraak.

<sup>28</sup> En hy het die keru<sup>b</sup>im met goud oorgetrek.

<sup>29</sup> En aan al die mure van die Huis rondom, binne en buite, het hy figure van k<sup>er</sup>u<sup>b</sup>s en palmbome en oop blomme laat uitsny.

<sup>30</sup> En hy het die vloer van die Huis, binne en buite, met goud oorgetrek.

<sup>31</sup> En as ingang van die binnevertrek het hy deure van olyfhout gemaak: die latei en deurposte 'n vyfhoek.

<sup>32</sup> En die twee deure was van olyfhout, en daarop het hy figure van k<sup>er</sup>u<sup>b</sup>s en palmbome en oop blomme laat uitsny en dit met goud oorgetrek, en die goud op die k<sup>er</sup>u<sup>b</sup>s en op die palmbome ingekap.

<sup>33</sup> En so ook het hy die deurposte van die ingang van die tempel van olyfhout gemaak, 'n vierhoek.

<sup>34</sup> En twee deure van sipreshout, twee helftes van die een vleuel gevou en twee helftes van die ander vleuel gevou.

<sup>35</sup> En hy het k<sup>er</sup>u<sup>b</sup>s en palmbome en oop blomme daarop uitgesny, en met goud, dun oor die snywerk uitgeslaan, oorgetrek.

<sup>36</sup> En hy het die binnehof gebou van drie lae gekapte klip en een laag sederbalke.

<sup>37</sup> In die vierde jaar is die fondament van die Huis van יהוה gelê, in die maand Zif.

<sup>38</sup> En in die elfde jaar, in die maand Bul, die agtste maand, was die Huis voltooi in

al sy dele en volgens al sy planne. Dus het hy sewe jaar daaraan gebou.

**7** En Sh'lomo het dertien jaar aan sy huis gebou en die hele huis voltooi.

<sup>2</sup> Hy het die huis van die woud van Le<sup>b</sup>anon gebou. Honderd el lank en vyftig el breed en dertig el hoog, op vier rye sederpilare en sederbalke op die pilare.

<sup>3</sup> En dit was van bo bedek met sederhout, bo die balke op die vyf en veertig pilare, vyftien in 'n ry.

<sup>4</sup> En daar was drie rye vensters met nou rame en venster teenoor venster, drie maal.

<sup>5</sup> En al die deure en die vensters het vierkantige rame gehad. En venster was teenoor venster, drie maal.

<sup>6</sup> En die pilare-voorhuis het hy gemaak, vyftig el in sy lengte en dertig el in sy breedte, met 'n voorportaal daarvoor, naamlik pilare en 'n afdak daaroor.

<sup>7</sup> En hy het die troonsaal gemaak waar hy reggespreek het, die regsaal, en dit was bedek met sederhout van vloer tot vloer.

<sup>8</sup> Ook sy huis waar hy gewoon het, in die ander voorhof, van die saal af binnekant toe, was van dieselfde vakmanskap. En hy het vir die dogter van Par'o wat Sh'lomo geneem het, 'n huis gemaak soos hierdie saal.

<sup>9</sup> Dit was alles van kosbare klippe, van gekapte klip volgens maat, binne en buite met die saag bewerk, van die fondament af tot by die muurplate, en van die buitekant af tot by die groot voorhof.

<sup>10</sup> En die fondament was van kosbare klippe, groot klippe, klippe van tien el en klippe van agt el.

<sup>11</sup> En daar bo-op was kosbare klippe, van gekapte klip volgens maat, en sederhout.

<sup>12</sup> En die groot voorhof was rondom van drie lae gekapte klip en 'n laag sederbalke, net soos by die binneste voorhof van die huis van יהוה en by die saal van die paleis.

<sup>13</sup> En koning Sh'lomo het gestuur en

Hiram uit Tsor laat haal.

<sup>14</sup> Hy was die seun van 'n weduwee uit die stam van Naftali, en sy vader was 'n man van Tsor, 'n kopersmid. En hy was vol wysheid en verstand en kennis om allerhande werk in koper te maak. Hy het toe by koning Sh'lomo gekom en al sy werk uitgevoer.

<sup>15</sup> Hy het die twee pilare van koper gevorm, agttien el was die hoogte van die elke pilaar, en 'n lyn van twaalf el kon die albei pilare omspan.

<sup>16</sup> En hy het twee kapitele gemaak om op die toppe van die pilare te sit, gietwerk van koper. Vyf el was die hoogte van die een kapiteel, en vyf el was die hoogte van die ander kapiteel.

<sup>17</sup> Daar was vlegwerk met gevlegde kettingwerk, vir die kapitele op die top van die pilare. Sewe vir die een kapiteel en sewe vir die ander kapiteel.

<sup>18</sup> En hy het die granaatjies gemaak, twee rye rondom oor die een vlegwerk, om die kapitele op die top van die pilare te bedek, en net so het hy vir die ander kapiteel gemaak.

<sup>19</sup> En die kapitele op die top van die pilare aan die voorportaal was vier el, liewevormig.

<sup>20</sup> En daar was kapitele op die twee pilare bo-aan, verby die vlegwerk wat vlak op die bol was. En die granaatjies was twee honderd, in rye rondom, ook oor die tweede kapiteel.

<sup>21</sup> En hy het die pilare opgerig by die voorportaal van die hoofvertrek. En hy het die regterpilaar opgerig, en dit Jagin genoem. En hy het die linkerpilaar opgerig en dit Boas genoem.

<sup>22</sup> Met die liewewerk op die top van die pilare, was die werk aan die pilare voltooi.

<sup>23</sup> Verder het hy die see gemaak van gietwerk; van rand tot rand was tien el, heeltemal rond; en die hoogte daarvan was vyf el, en 'n lyn van dertig el kon dit rondom omspan.

<sup>24</sup> En kolokwinte onder die rand daarvan het dit rondom omring; tien op die el het

hulle die see rondom omring: twee rye kolokwinte wat aan die gietwerk daarvan vasgegiet is.

<sup>25</sup> Dit het gestaan op twaalf beeste: drie kyk na die noorde, en drie kyk na die weste, en drie kyk na die suide, en drie kyk na die ooste toe, terwyl die see bo-op hulle was, en al hulle agterdele was binnekant toe.

<sup>26</sup> En die dikte daarvan was 'n handbreed, en sy rand was in die vorm van 'n bekerrand, soos 'n lieweblom; dit het twee duisend bat gehou.

<sup>27</sup> Hy het ook die tien afspolwaentjies van koper gemaak. Die lengte van elke afspolwaentjie was vier el, en vier el sy breedte en drie el sy hoogte.

<sup>28</sup> En dit was die maaksel van die bak: dit het sluitplate gehad, sluitplate tussen die sporte;

<sup>29</sup> en op die sluitplate tussen die sporte was leeus, beeste en kerubs; en net so op die sporte; bokant en onderkant die leeu en beeste was afhangeende kransversierings.

<sup>30</sup> En elke afspolwaentjie het vier koperwiele en koperasse gehad, en sy vier hoekstyle het skouerstukke gehad; onder teen die wasbak was die skouerstukke vasgegiet; teenoor elkeen was kranse.

<sup>31</sup> En die opening daarvan was binnekant die kraag, en boontoe een el; en die opening daarvan was rond, in die vorm van 'n voetstuk, anderhalf el; en ook die opening daarvan was graveerwerk, maar die sluitplate daarvan was vierkantig, nie rond nie.

<sup>32</sup> En die vier wiele was onder die sluitplate, en die kloue van die wiele was in die bak, terwyl die hoogte van elke wiel anderhalf el was.

<sup>33</sup> En die maaksel van die wiele was in die vorm van 'n wawiel; die kloue en die vellings en die speke en die nawe daarvan was alles gietwerk.

<sup>34</sup> En vier skouerstukke was aan die vier hoeke van elke afspolwaentjie; die skouerstukke daarvan was met die bak

saam uit een stuk.

<sup>35</sup> En bo-aan die afspoelwaentjie was daar 'n kraag van 'n half-el hoog, heeltemal rond; en bo-op die bak was die kloue en sluitplate daarvan, daarmee saam uit een stuk.

<sup>36</sup> En hy het op die vlakke van die kloue en sluitplate daarvan kërubs, leesus en palmbome gegraveer volgens die ruimte van elkeen, en blomkranse rondom.

<sup>37</sup> So het hy die tien afspoelwaentjies gemaak: een en dieselfde gietwerk, een maat, een vorm het hulle almal gehad.

<sup>38</sup> Verder het hy tien koperwaskomme gemaak; elke kom het veertig bat gehou; elke kom was vier el; een kom was op elke bak van die tien afspoelwaentjies.

<sup>39</sup> Toe het hy die afspoelwaentjies opgestel: vyf aan die suidekant van die huis en vyf aan die noordekant van die huis; maar die see het hy aan die suidekant van die huis opgestel, teen die ooste na die suide toe.

<sup>40</sup> Verder het Hiram die potte en die skoppe en die komme gemaak. So het Hiram dan al die werk voleindig wat hy vir koning Sh'lomo in die huis van יהוה gedoen het:

<sup>41</sup> twee pilare met die twee bolle van die kapitele wat op die top van die pilare was, en die twee stukke vlegwerk om die twee bolle van die kapitele op die top van die pilare te oordek;

<sup>42</sup> en die vier honderd granaatjies vir die twee stukke vlegwerk: twee rye granaatjies vir elke vlegwerk, om die twee bolle van die kapitele bo-op die pilare te oordek;

<sup>43</sup> en die tien afspoelwaentjies en die tien waskonne op die afspoelwaentjies;

<sup>44</sup> en die een see en die twaalf beeste onder die see;

<sup>45</sup> en die potte en die skoppe en die komme: al hierdie voorwerpe wat Hiram vir koning Sh'lomo in die huis van יהוה gemaak het, was van gepolyste koper.

<sup>46</sup> In die Jardēnstreek waar die grond diep was, tussen Sukkot en Sartaan, het die koning dit gegiet.

<sup>47</sup> En Sh'lomo het al die voorwerpe ongeweeg laat bly vanweë die baie groot menigte; die gewig van die koper is nie bereken nie.

<sup>48</sup> Verder het Sh'lomo al die voorwerpe wat in die huis van יהוה was, gemaak: die goue altaar en die tafel waar die toonbrode op moes lê, van goud;

<sup>49</sup> en die manoras, vyf regs en vyf links, voor die binneste vertrek, van fyn goud; en die blomwerk en die lampe en die snuiters, van goud;

<sup>50</sup> en die skottels en die messe en die komme en die rookpanne en die vuurpanne, van fyn goud; en die skarniere vir die deure van die binneste vertrek, van die Allerheiligste, en vir die deure van die saal, van die hoofvertrek, van goud.

<sup>51</sup> En toe al die werk wat koning Sh'lomo in die huis van יהוה gemaak het, gereed was, het Sh'lomo die afgesonderde gawes van sy vader Dawid ingebring; die silwer en die goud en die voorwerpe het hy in die skatkamers van die huis van יהוה neergesit.

**8** Daarna het Sh'lomo die oudstes van Jisra'ël en al die stamhoofde, die familie-owerstes van die kinders van Jisra'ël, by koning Sh'lomo in J'rushalajim byeen laat kom om die verbondsark van יהוה uit die Stad van Dawid, dit is Tsjion, op te bring.

<sup>2</sup> En al die mans van Jisra'ël het by koning Sh'lomo op die fees vergader in die maand Étanim, dit is die sewende maand.

<sup>3</sup> Toe al die oudstes van Jisra'ël daar kom, het die priesters die ark opgeneem

<sup>4</sup> en die ark van יהוה en die tent van samekoms gebring saam met al die kodesh voorwerpe wat in die tent was; naamlik die priesters en die Leviete het dit gebring.

<sup>5</sup> En terwyl koning Sh'lomo en die hele by hom vergaderde gemeente van Jisra'ël saam met hom voor die ark staan, het hulle kleinvee en beeste geoffer wat vanweë die menigte nie getel of bereken kon word nie.

<sup>6</sup> Verder het die priesters die verbondsark van יהוה na sy plek gebring, in die binnestertrek van die huis, in die Allerheiligste, onder die vlerke van die kërubs in.

<sup>7</sup> Want die kërubs het die vlerke uitgesprei oor die plek van die ark, sodat die kërubs die ark en sy draaghoute van bo af beskut het.

<sup>8</sup> En die draaghoute was so lank, dat die punte van die draaghoute uit die Kodesh, vlak voor die binnestertrek, gesien kon word, maar verder buitertoe was hulle nie sigbaar nie; en hulle is daar tot vandag toe.

<sup>9</sup> Daar was niks in die ark nie as net die twee kliftafels wat Moshe by Horéב daarin neergelê het, toe יהוה 'n verbond met die kinders van Jisra'él gesluit het by hulle uittog uit die land van Mitsrajim.

<sup>10</sup> En toe die priesters uit die heiligdom uitgaan, het die wolk die huis van יהוה vervul.

<sup>11</sup> En die priesters kon vanweë die wolk nie staan om diens te doen nie, want die heerlikheid van יהוה het die huis van יהוה vervul.

<sup>12</sup> Toe het Sh'lomo gesê: יהוה het gesê dat Hy in donkerheid wil woon.

<sup>13</sup> Verseker het ek vir U 'n woonhuis gebou, 'n vaste plek vir U om ewig in te woon.

<sup>14</sup> Daarop draai die koning sy aangesig om en seën die hele vergadering van Jisra'él, terwyl die hele vergadering van Jisra'él staan.

<sup>15</sup> En hy sê: Geloofd sy יהוה, die Elohim van Jisra'él, wie se hand volbring het wat sy mond met my vader Dawid gepraat en gesê het:

<sup>16</sup> Van die dag af dat Ek my volk Jisra'él uit Mitsrajim uitgelei het, het Ek geen stad verkies uit al die stamme van Jisra'él om 'n huis te bou, dat my Naam daar sou wees nie; maar Ek het Dawid verkies om oor my volk Jisra'él te wees.

<sup>17</sup> Toe dit dan in die hart van my vader Dawid was om 'n huis te bou vir die Naam van יהוה, die Elohim van Jisra'él,

<sup>18</sup> het יהוה aan my vader Dawid gesê: Dat dit in jou hart was om vir my Naam 'n huis te bou - daarin het jy goed gehandel, dat dit in jou hart was.

<sup>19</sup> Net maar, jy sal die huis nie bou nie, maar jou seun wat uit jou lendene sal voortkom, dié sal vir my Naam die huis bou.

<sup>20</sup> En יהוה het sy woord vervul wat Hy gespreek het, sodat ek opgestaan het in die plek van my vader Dawid, en ek sit op die troon van Jisra'él soos יהוה gespreek het; en ek het die huis gebou vir die Naam van יהוה, die Elohim van Jisra'él,

<sup>21</sup> en daar 'n plek ingerig vir die ark, waarin die verbond van יהוה is, met ons vaders gesluit toe Hy hulle uit die land van Mitsrajim uitgelei het.

<sup>22</sup> Toe het Sh'lomo voor die altaar van יהוה gaan staan, teenoor die hele vergadering van Jisra'él, en sy hande uitgebrei na die hemel

<sup>23</sup> en gesê: יהוה, Elohim van Jisra'él, daar is bo in die hemel of onder op die aarde geen Elohim soos U nie, wat die verbond en die guns hou vir u dienaars wat voor u aangesig wandel met hulle hele hart,

<sup>24</sup> wat vir u dienaar, my vader Dawid, u belofte aan hom gehou het; ja, met u mond het U dit gespreek en met u hand volbring soos dit vandag is.

<sup>25</sup> Hou nou ook, יהוה, Elohim van Jisra'él, die belofte wat U aan u dienaar, my vader Dawid, gedoen het, naamlik: Daar sal vir jou nooit 'n man voor my aangesig ontbreek wat op die troon van Jisra'él sal sit nie as jou seuns net hulle weg in ag neem deur te wandel voor my aangesig soos jy voor my aangesig gewandel het.

<sup>26</sup> Laat dan nou, o Elohim van Jisra'él, u woord tog waargemaak word wat U gespreek het tot u dienaar, my vader Dawid.

<sup>27</sup> Maar sou Elohim werklik op die aarde woon? Kyk, die hemel, ja, die hoogste hemel kan U nie bevat nie, hoeveel minder hierdie huis wat ek gebou het.

<sup>28</sup> Wend U dan tot die gebed van u

dienaar en tot sy smeking, יהוה my Elohim, deur te luister na die geroep en die gebed wat u dienaar vandag voor u aangesig bid;

<sup>29</sup> sodat u oë oop mag wees nag en dag oor hierdie huis, oor die plek waarvan U gesê het: My Naam sal daar wees! sodat U mag luister na die gebed wat u dienaar na hierdie plek toe sal bid.

<sup>30</sup> Luister dan na die smeking van u dienaar en van u volk Jisra'ël wat hulle na hierdie plek toe sal bid; ja, mag U hoor elke gebed na u woonplek, na die hemel toe, en as U dit hoor, vergewe dan.

<sup>31</sup> As iemand teen sy naaste sondig en hulle hom 'n eed oplê om hom tot selfvervloeking te bring en hy voor u altaar in hierdie huis kom sweer,

<sup>32</sup> wil U dan hoor in die hemel en handel en u dienaars reg verskaf deur die skuldige skuldig te verklaar en sy wandel op sy hoof te lê en die regverdige regverdig te verklaar deur hom te gee na sy geregtigheid.

<sup>33</sup> As u volk Jisra'ël ver slaan word voor 'n vyand, omdat hulle teen U gesondig het, en hulle hul tot U bekeer en u Naam bely en tot U bid en smee in hierdie huis,

<sup>34</sup> wil U dan hoor in die hemel en die sonde van u volk Jisra'ël vergewe en hulle terugbring na die land wat U aan hulle vaders gegee het.

<sup>35</sup> As die hemel toegesluit bly, dat daar geen reën is nie, omdat hulle teen U gesondig het, maar hulle na hierdie plek toe bid en u Naam bely en van hulle sonde hul bekeer, omdat U hulle verootmoedig,

<sup>36</sup> wil U dan hoor in die hemel en die sonde van u dienaars en van u volk Jisra'ël vergewe - want U leer hulle die goeie weg waar hulle in moet wandel - en gee reën op u land wat U aan u volk as 'n erfenis gegee het.

<sup>37</sup> As daar hongersnood is in die land, as daar pes is, as daar brandkoring, heuningdou, sprinkane, kaalvreter is, as sy vyand hom in die land, in sy poorte dit

benoud maak, watter plaag, watter siekte ook al,

<sup>38</sup> enige gebed, enige smeking wat enigeen van u hele volk Jisra'ël sal doen, as elkeen die plaag van sy hart ken, sodat hy sy hande na hierdie huis toe uitbrei -

<sup>39</sup> wil U dan hoor in die hemel, u vaste woonplek, en vergewe en handel en aan elkeen gee volgens sy weë, U wat sy hart ken - want U alleen ken die hart van al die mensekinders -

<sup>40</sup> sodat hulle U kan vrees al die dae wat hulle leef in die land wat U aan ons vaders gegee het.

<sup>41</sup> Ja, ook na die uitlander wat nie van u volk Jisra'ël is nie, en uit 'n ver land ter wille van u Naam kom -

<sup>42</sup> want hulle sal hoor van u grote Naam en u sterke hand en u uitgestrekte arm - as hy kom en bid na hierdie huis toe,

<sup>43</sup> wil U dan hoor uit die hemel, u vaste woonplek, en doen volgens alles waaroor die uitlander U sal aanroep, sodat al die volke van die aarde u Naam mag ken, om U te vrees soos u volk Jisra'ël, en mag gewaar word dat u Naam uitgeroep is oor hierdie huis wat ek gebou het.

<sup>44</sup> As u volk uittrek in die oorlog teen sy vyand op die pad waarop U hulle stuur, en hulle bid tot יהוה in die rigting van die stad wat U verkies het, en van die huis wat ek vir u Naam gebou het,

<sup>45</sup> wil dan in die hemel hulle gebed en hulle smeking hoor en aan hulle hul reg verskaf.

<sup>46</sup> As hulle teen U sondig - want daar is geen mens wat nie sondig nie - en U op hulle toornig is en hulle aan 'n vyand oorgee en hulle veroweraars hulle as gevangenes wegvoer na die land van die vyand, ver of naby,

<sup>47</sup> en hulle dit ter harte neem in die land waarheen hulle as gevangenes weggevoer is, en hulle hul bekeer en U smee in die land van die wat hulle weggevoer het, en sê: Ons het gesondig en verkeerd gehandel, ons was sonder Elohim -

<sup>48</sup> en hulle hul tot U bekeer met hul hele

hart en met hul hele wese, in die land van hul vyande wat hulle weggevoer het, en hulle bid tot U in die rigting van hulle land wat U aan hulle vaders gegee het, van die stad wat U verkies het, en die huis wat ek vir u Naam gebou het,

<sup>49</sup> wil dan in die hemel, u vaste woonplek, hulle gebed en hulle smeking hoor en aan hulle hul reg verskaf,

<sup>50</sup> en vergeef U volk wat hulle teen U gesondig het, ja, al hulle oortredinge wat hulle teen U begaan het; en laat hulle barmhartigheid vind voor die wat hulle weggevoer het, dat dié hulle barmhartig kan wees.

<sup>51</sup> Want hulle is U volk en u erfdeel wat U uit Mitsrajim uitgelei het uit die ystersmeltoond.

<sup>52</sup> Mag u oë dan oop wees vir die smeking van u dienaar en vir die smeking van u volk Jisra'ël, om na hulle te luister so dikwels as hulle U aanroep.

<sup>53</sup> Want U het hulle vir U as erfdeel afgesonder uit al die volke van die aarde, soos U deur die diens van u dienaar Moshe gespreek het toe U, Meester יהוה, ons vaders uit Mitsrajim uitgelei het.

<sup>54</sup> Net toe Sh'lomo gereed was om hierdie hele gebed en smeking tot יהוה te bid, het hy voor die altaar van יהוה opgestaan uit sy knielende houding, met sy hande na die hemel uitgebrei;

<sup>55</sup> en hy het gaan staan en die hele vergadering van Jisra'ël hardop geseën en gesê:

<sup>56</sup> Geseënd is יהוה wat aan Sy volk Jisra'ël rus gegee het net soos Hy gespreek het: geen enkele woord het onvervuld gebly van al die goeie woorde wat Hy deur die diens van sy dienaar Moshe gespreek het nie.

<sup>57</sup> Mag יהוה ons Elohim met ons wees soos Hy met ons vaders gewees het; mag Hy ons nie verlaat en ons nie verwerp nie -

<sup>58</sup> deur ons hart tot Hom te neig om in al sy weë te wandel en om sy gebooie en sy wette en sy verordeninge wat Hy ons vaders beveel het, te onderhou.

<sup>59</sup> En mag hierdie woorde van my, waarmee ek voor die aangesig van יהוה gesmeek het, dag en nag naby יהוה ons Elohim wees, sodat Hy reg kan verskaf aan sy dienaar en aan sy volk Jisra'ël na die eis van elke dag;

<sup>60</sup> sodat al die volke van die aarde kan weet dat יהוה Elohim is, niemand meer nie.

<sup>61</sup> Laat julle hart dan volkome met יהוה ons Elohim wees om te wandel in sy wette en sy gebooie te onderhou, soos vandag.

<sup>62</sup> En die koning, en die hele Jisra'ël saam met hom, was besig om slagoffers voor die aangesig van יהוה te slag.

<sup>63</sup> Sh'lomo het naamlik as die dankoffer wat hy aan יהוה gebring het, twee en twintig duisend beeste en honderd en twintig duisend stuks kleinvee geslag; so het hulle dan die huis van יהוה ingewy, die koning en al die kinders van Jisra'ël.

<sup>64</sup> Op dié dag het die koning die middel van die voorhof geheilig wat voor die huis van יהוה was; want daar het hy die brandoffer en die graanoffer en die vetstukke van die dankoffers berei, omdat die koperaltaar voor die aangesig van יהוה te klein was om die brandoffer en die graanoffer en die vetstukke van die dankoffers te bevat.

<sup>65</sup> So het Sh'lomo dan in dié tyd die fees gehou en die hele Jisra'ël saam met hom, 'n groot vergadering van die ingang na Hamat af tot by die spruit van Mitsrajim, voor die aangesig van יהוה ons Elohim, sewe dae en sewe dae, veertien dae lank.

<sup>66</sup> Op die agtste dag het hy die volk laat gaan, en hulle het die koning geseën en na hul tente gegaan, verheug en opgeruimd oor al die goeie dinge wat יהוה aan sy dienaar Dawid en sy volk Jisra'ël gedoen het.

**9** En toe Sh'lomo klaar was met die bou van die Huis van יהוה en die huis van die koning en elke begeerte wat Sh'lomo wou uitvoer,

<sup>2</sup> het יהוה vir die tweede maal aan

Sh'lomo verskyn soos Hy aan hom in Gib'on verskyn het.

<sup>3</sup> En יהוה het vir hom gesê: "Ek het jou gebed en jou smeking gehoor wat jy voor My gemaak het. Ek het hierdie Huis afgesonder wat jy gebou het om My Naam daar te vestig tot in ewigheid, en My oë en My hart sal daar altyd wees.

<sup>4</sup> "En wat jou betref, indien jy voor My wandel soos jou vader Dawid gewandel het, met 'n volkome hart en in opregtheid deur te doen net soos Ek jou beveel het, en My wette en My regsreëlings bewaar, <sup>5</sup> dan sal Ek die troon van jou koningskap oor Jisra'ël vir ewig bevestig, soos Ek jou vader Dawid beloof het deur te sê: 'Daar sal vir jou nooit 'n man ontbreek op die troon van Jisra'ël nie.'

<sup>6</sup> "Indien julle almal van My sal wegdraai, julle en julle kinders om My te volg en My gebooi, My wette wat Ek julle voorgehou het, nie bewaar nie, maar ander elohim gaan dien en voor hulle neerbuig,

<sup>7</sup> dan sal Ek Jisra'ël van die land afsny wat Ek hulle gegee het, en die Huis wat Ek vir My Naam afgesonder het, sal Ek van my gesig wegwerp. En Jisra'ël sal 'n spreekwoord en 'n spot word onder al die volke.

<sup>8</sup> "En hierdie Huis wat so hoog is - elkeen wat daarlangs verbygaan, sal verbaas wees en spot, en hulle sal sê: 'Waarom het יהוה dit met hierdie land en met hierdie huis gedoen?'

<sup>9</sup> "Dan sal hulle sê: 'Omdat hulle יהוה hul Elohim verlaat het wat hulle vaders uit die land van Mitsrajim gelei het, en ander elohim aangehang en daarvoor neergebuig en hulle gedien het. Daarom het יהוה al hierdie teëspoed oor hulle gebring.'"

<sup>10</sup> En aan die einde van twintig jaar het Sh'lomo die twee huise gebou, die Huis van יהוה en die huis van die koning.

<sup>11</sup> Hiram, die koning van Tsor, het sederhout en sipreshout en goud soveel as hy wou hê, aan Sh'lomo verskaf. Koning Sh'lomo het toe aan Hiram twintig

stede in die land Galil gegee.

<sup>12</sup> En Hiram het uit Tsor getrek om die stede te bekryk wat Sh'lomo hom gegee het, maar hulle was nie reg in sy oë nie.

<sup>13</sup> En hy het gesê: "Watse stede is dit wat jy my gegee het, my broer?" En hy het dit die land Kabul genoem, soos vandag nog.

<sup>14</sup> En Hiram het aan die koning honderd en twintig talente goud gestuur.

<sup>15</sup> En dit was die saak van die dwangarbeiders wat koning Sh'lomo laat opkom het om die Huis van יהוה en sy huis en Millo en die muur van J'rushalajim en H̄atsor en Megiddo en Geser te bou.

<sup>16</sup> (Par'o, die koning van Mitsrajim, het opgetrek en het Geser ingeneem en dit met vuur verbrand en die Kanaänim wat in die stad gewoon het, dood gemaak en dit as 'n trougeskenk aan sy dogter, die vrou van Sh'lomo, gegee.)

<sup>17</sup> So het Sh'lomo dan Geser opgebou en Bêt-Ḥoron-Onder

<sup>18</sup> en Bâálat en Tamar in die woestyn, in die land,

<sup>19</sup> en al die voorraadstede wat Sh'lomo gehad het, en die stede vir die strydwaens en die stede vir die perderuiters en wat Sh'lomo graag wou gebou het in J'rushalajim en in Lebanon en in die hele land van sy regering.

<sup>20</sup> Al die mense wat oorgebly het van die Amoriëte, H̄etietie, Feresietie, H̄ewietie en Jebusietie, wat nie uit die kinders van Jisra'ël was nie -

<sup>21</sup> hulle kinders wat ná hulle in die land oorgebly het, wat die kinders van Jisra'ël nie met die banvloek kon tref nie, het Sh'lomo laat opkom vir dwangarbeid, tot vandag toe.

<sup>22</sup> Maar van die kinders van Jisra'ël het Sh'lomo niemand 'n slaaf gemaak nie, maar hulle was krygsmanne en sy dienaars en sy owerstes en sy adjudante en owerstes oor sy strydwaens en sy perderuiters.

<sup>23</sup> Dit was die hoofopsigters van Sh'lomo oor die werk: vyf honderd en vyftig wat



oor die mense wat die werk verrig, bevel gevoer het.

<sup>24</sup> En die dogter van Par'o het opgetrek uit die Stad van Dawid na haar huis wat hy vir haar gebou het. Toe het hy Millo gebou.

<sup>25</sup> En drie maal per jaar het Sh'lomo brandoffers en dankoffers gebring op die altaar wat hy vir יהוה gebou het, hy het rook laat opgaan by die altaar wat daar was voor יהוה, so het hy die huis voltooi.

<sup>26</sup> En Koning Sh'lomo het skepe gebou in Etsjon-Geber wat by Ēlot aan die kus van die Rietsee in die land Edom lê.

<sup>27</sup> En Hiram het sy dienaars met die vloot gestuur, seevaarders wat die see ken, saam met die dienaars van Sh'lomo.

<sup>28</sup> En hulle het in Ofir aangekom en daar goud gaan haal, vier honderd en twintig talente, en dit na koning Sh'lomo geneem.

**10** En die koningin van Sheba het die gerug van Sh'lomo gehoor aangaande die Naam van יהוה, en sy het gekom om hom met raaisels op die proef te stel.

<sup>2</sup> En sy het na J'rushalajim gekom met 'n baie groot geselskap, met kamele wat speserye en 'n menigte goud en edelgesteentes gedra het. En sy het by Sh'lomo ingekom, en sy het met hom gepraat oor alles wat in haar hart was.

<sup>3</sup> En Sh'lomo het al haar vrae beantwoord. Daar was geen saak wat vir die koning verborge was om aan haar dit bekend te maak nie.

<sup>4</sup> En die koningin van Sheba het al die wysheid van Sh'lomo gesien en die huis wat hy gebou het,

<sup>5</sup> en die voedsel van sy tafel en die aansit van sy dienaars en die bediening van sy bediendes, en hulle klere, en sy kelners en sy offergawes wat hy geoffer het in die huis van יהוה, en daar was in haar geen gees meer nie.

<sup>6</sup> Sy het toe aan die koning gesê: "Die woord wat ek oor u en oor u wysheid in my land gehoor het, was waar.

<sup>7</sup> "Maar ek het die woorde nie geglo nie, totdat ek gekom en my oë gesien het

nie. En kyk, die helfte is my nie vertel nie. U oortref in wysheid en in welvaart die gerug wat ek gehoor het.

<sup>8</sup> "Geseënd is u mans, geseënd hierdie dienaars van u wat voor u staan, wat gedurig u wysheid hoor!

<sup>9</sup> "Geseënd is יהוה u Elohim wat behae in u gehad het om u op die troon van Jisra'el te laat sit! Omdat יהוה Jisra'el vir ewig liefhet, het Hy u as koning aangestel om reg en geregtigheid te doen."

<sup>10</sup> En sy het aan die koning honderd en twintig talente goud en 'n groot menigte speserye en edelgesteentes gegee. Nooit weer het so 'n menigte speserye ingekom as wat die koningin van Sheba aan koning Sh'lomo gegee het nie.

<sup>11</sup> Maar ook die skepe van Hiram wat goud uit Ofir gaan haal het, het uit Ofir 'n groot menigte sandelhout en edelgesteentes gebring.

<sup>12</sup> En van die sandelhout het die koning trapleunings gemaak vir die Huis van יהוה en die huis van die koning, en liere en harpe vir die sangers. Tot vandag toe het daar geen sulke sandelhout ingekom en is daar nie gesien nie.

<sup>13</sup> En koning Sh'lomo het aan die koningin van Sheba alles gegee wat sy begeer en gevra het, bo wat hy haar na die vermoë van koning Sh'lomo gegee het. Sy het toe omgedraai en na haar land getrek, sy en haar dienaars.

<sup>14</sup> En die gewig van die goud wat in een jaar na Sh'lomo gekom het, was ses honderd ses en sestig talente goud,

<sup>15</sup> behalwe wat ingekom het van die koopmans wat rondtrek, en van die wins van die handelaars en van al die konings van Arabië en van die goewerneurs van die land.

<sup>16</sup> En koning Sh'lomo het twee honderd groot skilde van geslane goud gemaak – ses honderd sikkels goud het hy op elke groot skild gebruik;

<sup>17</sup> en drie honderd klein skilde van geslane goud – drie minas goud het hy op elke klein skild gebruik, en die koning

het dit in die huis van die woud van Leḅanon gesit.

<sup>18</sup> En die koning het 'n groot troon van ivoor gemaak en dit met suiwer goud oorgetrek.

<sup>19</sup> Die troon het ses trappe gehad, en die kopstuk van die troon was agter rond, en armleunings aan weerskante by die sitplek, en twee leeus het langs die leunings gestaan.

<sup>20</sup> En twaalf leeus het daar op die ses trappe gestaan, een op elke kant. So iets is nooit vir enige koninkryk gemaak nie.

<sup>21</sup> En die al drinkbekers van koning Sh'lomo was van goud, en al die voorwerpe van die huis van die woud van Leḅanon van fyn goud. Niks was van silwer nie, dit is in Sh'lomo se dae as waardeloos gereken.

<sup>22</sup> Want die koning het Tarsis-skepe op die see gehad by die vloot van Hiram. Een maal in drie jaar het die Tarsis-skepe ingekom, gelaai met goud en silwer, ivoor en ape en bobbejane.

<sup>23</sup> En koning Sh'lomo was groter gewees as al die konings van die aarde, in rykdom en wysheid.

<sup>24</sup> En die hele wêreld het die aangesig van Sh'lomo gesoek om sy wysheid te hoor wat Elohim in sy hart gegee het.

<sup>25</sup> En elkeen van hulle het sy geskenk saambring: silwervoorwerpe en goue voorwerpe en klere en wapens en speserye, perde en muile, jaar vir jaar.

<sup>26</sup> En Sh'lomo het strydwaens en perderuiters versamel, sodat hy een duisend vier honderd waens en twaalf duisend perderuiters gehad het, wat hy in die stede vir die waens en by die koning in J'rushalajim opgestel het.

<sup>27</sup> En die koning het silwer soos klippe in J'rushalajim gemaak en die seders soos wildeveybome gemaak wat in die Laeveld is, in menigte.

<sup>28</sup> En Sh'lomo het perde uit Mitsrajim en uit Kwě laat haal. Die koning se handelaars het dit uit Kwě gaan haal teen 'n prys.

<sup>29</sup> En 'n wa het uit Mitsrajim opgekom, en

dit is verkoop vir ses honderd sikkels silwer, en 'n perd vir honderd en vyftig. En so is dit vir al die konings van die Hētiēte en vir die konings van Aram deur hulle uitgebring.

**11** En koning Sh'lomo het baie uitheemse vrouens liefgehad, behalwe die dogter van Par'o, Moabi, Ammoni, Edomi, Tsidoni, Hēti;

<sup>2</sup> van die nasies waarvan יהוה aan die kinders van Jisra'ël gesê het: "Julle mag nie met hulle meng nie, en hulle mag nie met julle meng nie, hulle sal verseker julle harte wegdraai agter hulle elohim aan." Sh'lomo het hulle met liefde aangehang.

<sup>3</sup> En hy het sewe honderd vrouens, prinsesse, gehad, en drie honderd byvroue. En sy vrouens het sy hart weggdraai.

<sup>4</sup> En dit het gebeur toe Sh'lomo oud was dat sy vrouens sy hart weggedraai het agter ander elohim aan. En sy hart was nie volkome met יהוה sy Elohim soos die hart van sy vader Dawid nie.

<sup>5</sup> En Sh'lomo het agter Ashtoret, die godin van Tsidon, en agter Milkom, die gruwel van die Ammoniete, aan geloop.

<sup>6</sup> So het Sh'lomo dan boosheid in die oë van יהוה gedoen en nie volgehou om יהוה te volg soos sy vader Dawid nie.

<sup>7</sup> Sh'lomo het toe 'n hoogte gebou op die berg wat oos van J'rushalajim lê, vir Kemosh, die gruwel van die Moabiēte, en vir Molog, die gruwel van die kinders van Ammon.

<sup>8</sup> En so het hy gedoen vir al sy uitheemse vrouens wat rook laat opgaan het en aan hulle elohim geslag het.

<sup>9</sup> Daarom was יהוה toornig op Sh'lomo, omdat sy hart weggedraai het van יהוה, die Elohim van Jisra'ël, wat twee maal aan hom verskyn het,

<sup>10</sup> en hom bevel gegee het omtrent hierdie saak om nie agter ander elohim aan te loop nie; maar hy het die bevel van יהוה nie bewaar nie.

<sup>11</sup> En יהוה het vir Sh'lomo gesê: "Omdat dit gedoen het, en My verbond en My

wette wat Ek jou beveel het, nie bewaar het nie, sal Ek verseker die koningskap van jou wegskeur en dit aan jou dienaar gee.

<sup>12</sup> "Maar Ek sal dit nie in jou dae doen nie, ter wille van jou vader Dawid. Uit die hand van jou seun sal Ek dit wegskeur.

<sup>13</sup> "Tog sal Ek nie die hele koningskap wegskeur nie. Een stam sal Ek aan jou seun gee ter wille van My dienaar Dawid en ter wille van J'rushalajim wat Ek gekies het."

<sup>14</sup> En יהוה het vir Sh'lomo 'n teëstander verwek, Hadad die Edomi. Hy was van die koning se saad in Edom.

<sup>15</sup> Dit het gebeur toe Dawid in Edom besig was, en Joab, die leërowerste, opgetrek het om die gesnuweldes te begrawe, het hy al die mans in Edom doodgeslaan -

<sup>16</sup> vir ses maande lank het Joab daar gebly met die hele Jisra'ël totdat al die mans in Edom deur hom afgesny was -

<sup>17</sup> maar Hadad het ontsnap om na Mitsrajim te gaan, hy en sekere Edomitiete saam met hom uit die dienaars van sy vader, en Hadad was 'n jong seun.

<sup>18</sup> En hulle het uit Midjan opgestaan en in Paran aangekom, en uit Paran mans met hulle saamgeneem en in Mitsrajim aangekom by Par'o, die koning van Mitsrajim, wat hom 'n huis gegee en aan hom voedsel toegesê en hom grond gegee het.

<sup>19</sup> En Hadad het groot guns gevind in die oë van Par'o, sodat hy aan hom sy vrou se suster, die suster van Tágpenës, die koningin, as vrou gegee het.

<sup>20</sup> En die suster van Tágpenës het vir hom Genúbat, sy seun gebaar, en Tágpenës het hom in die huis van Par'o gespeen. En Genúbat was in die huis van Par'o tussen die kinders van Par'o.

<sup>21</sup> En Hadad het in Mitsrajim gehoor dat Dawid met sy vaders ontslaap het en Joab, die leërowerste, dood was, en het Hadad vir Par'o gesê: "Laat my gaan, dat ek na my land kan gaan."

<sup>22</sup> En Par'o het vir hom gesê: "Maar wat het jy by my kortgekom, dat jy nou begeer om na jou land te gaan?" En hy het geantwoord: "Niks, maar laat my asseblief gaan."

<sup>23</sup> En Elohim het nog 'n teëstander vir hom verwek, Reson die seun van Éljada, 'n vlugteling van sy meester Hadadésér, die koning van Tsoḅa.

<sup>24</sup> En hy het mans om hom versamel toe Dawid hulle gedood het, sodat hy leier van 'n bende was. En hulle het na Damaskus getrek en daarin gewoon en in Damaskus regeer.

<sup>25</sup> En hy was 'n teëstander van Jisra'ël al die dae van Sh'lomo - en dit buiten die kwaad wat Hadad gedoen het - want hy was vyandig teen Jisra'ël, en hy het oor Aram regeer.

<sup>26</sup> En Jarob'am 'n dienaar van Sh'lomo, die seun van Neḅat, 'n Efracimi van Tserëda, en sy moeder se naam was Tserúa, 'n weduwee, het sy hand opgelig teen die koning.

<sup>27</sup> En dit was die oorsaak dat hy 'n hand teen die koning opgelig het: Sh'lomo het Millo gebou en die skeure in die stad van sy vader Dawid toegemaak.

<sup>28</sup> En die man Jarob'am was 'n dapper held. En Sh'lomo het gesien dat die jongman 'n bekwame arbeider was, en hy het hom aangestel oor al die dwang-arbeiders van die huis van Josëf.

<sup>29</sup> En dit het gebeur in dié tyd uit toe Jarob'am uit J'rushalajim gegaan het, het die profeet Ahija, die Shiloniet, hom op die pad gekry. En hy het 'n nuwe mantel aangehad. En hulle twee was alleen in die veld.

<sup>30</sup> En Ahija het die nuwe mantel wat hy aangehad het gegryp, en dit in twaalf stukke geskeur,

<sup>31</sup> en hy het vir Jarob'am gesê: "Neem vir jou tien stukke, want so sê יהוה, die Elohim van Jisra'ël: 'Kyk, Ek gaan die koninkryk uit die hand van Sh'lomo skeur en aan jou die tien stamme gee.

<sup>32</sup> 'Maar hy sal een stam hê ter wille van My dienaar Dawid en ter wille van

J'ruschalajim, die stad wat Ek gekies het uit al die stamme van Jisra'ël.

<sup>33</sup> 'Want hulle het My verlaat en hul neergebuig voor Ashtoret, die eloah van die Tsidoniërs, voor Kemosh, die eloah van die Moabiete, en voor Milkom, die eloah van die kinders van Ammon, en nie in My weë gewandel het deur te doen wat reg is in My oë, My wette en My regsreelings, soos sy vader Dawid nie.

<sup>34</sup> 'Maar Ek sal nie die koningskap as geheel nie uit sy hand neem nie, want Ek het hom koning gemaak al die dae van sy lewe ter wille van My dienaar Dawid wat Ek gekies het, wat My gebooe en My wette gehou het.

<sup>35</sup> 'Maar uit die hand van sy seun sal Ek die koningskap neem en dit aan jou gee, die tien stamme.

<sup>36</sup> 'En aan sy seun sal Ek een stam gee, sodat My dienaar Dawid altyd 'n lamp kan hê voor My aangesig in J'ruschalajim, die stad wat Ek vir My gekies het om My Naam daar te vestig.

<sup>37</sup> 'En Ek sal jou neem, en jy sal regeer oor alles wat jou wese begeer, en jy sal koning word oor Jisra'ël.

<sup>38</sup> 'En indien jy luister na alles wat Ek jou beveel en wandel in My weë en doen wat reg is in My oë deur My wette en My gebooe te bewaar, soos My dienaar Dawid gedoen het, dan sal Ek met jou wees en vir jou 'n bestendige huis bou, soos Ek vir Dawid gebou het, en Jisra'ël aan jou gee.

<sup>39</sup> 'En hieroor verneder Ek die saad van Dawid, maar nie vir altyd nie.'

<sup>40</sup> En Sh'lomo het probeer om Jarob'am om dood te maak, maar Jarob'am het hom opgestaan en na Mitsrajim gevlug, na Shishak, die koning van Mitsrajim, en was in Mitsrajim tot die dood van Sh'lomo.

<sup>41</sup> En die verdere geskiedenis van Sh'lomo en alles wat hy gedoen het, en sy wysheid, is dit nie beskryf in die boek van Sh'lomo nie?

<sup>42</sup> En die dae wat Sh'lomo in J'ruschalajim oor die hele Jisra'ël geregeer het, was

veertig jaar.

<sup>43</sup> Daarna het Sh'lomo met sy vaders ontslaap en is begrawe in die stad van sy vader Dawid, en sy seun Reháb'am het in sy plek koning geword.

**12** En Reháb'am het na Shekem gegaan, want die hele Jisra'ël het na Shekem gegaan om hom te laat regeer.

<sup>2</sup> En dit het gebeur toe Jarob'am, die seun van Nebat, hoor – hy was nog in Mitsrajim, waarheen hy vir koning Sh'lomo weggevlug het, en Jarob'am het in Mitsrajim gewoon –

<sup>3</sup> het hulle hom laat roep. En Jarob'am en die hele vergadering van Jisra'ël het gekom, en hulle het met Reháb'am gepraat en gesê:

<sup>4</sup> "U vader het ons juk hard gemaak, maak u dan nou die harde diens van u vader en sy swaar juk wat hy ons opgelê het, ligter, dan sal ons u dien."

<sup>5</sup> En hy het vir hulle gesê: Gaan weg vir drie dae, kom dan terug na my toe." En die volk het gegaan.

<sup>6</sup> Koning Reháb'am het die oudstes geraadpleeg wat voor sy vader Sh'lomo gedurende sy lewe gestaan het, en hy het gesê: "Wat beveel u aan om hierdie volk te antwoord?"

<sup>7</sup> En hulle het met hom gepraat en gesê: "Indien u vandag 'n dienaar van hierdie volk is en hulle dien en hulle antwoord en vriendelike woorde met hulle praat, sal hulle altyd u dienaars wees."

<sup>8</sup> Maar hy het die raad van die oudstes wat hulle hom gegee het, geignoreer en die jongmanne geraadpleeg wat saam met hom grootgeword en voor hom gestaan het.

<sup>9</sup> En hy het aan hulle gesê: "Watter raad gee julle? Hoe sal ons hierdie volk antwoord wat met my gepraat en gesê het: 'Maak die juk wat u vader ons opgelê het, ligter?'"

<sup>10</sup> En die jongmanne wat saam met hom grootgeword het, het hom geantwoord en gesê: As volg moet u hierdie volk antwoord wat met u gepraat en gesê het: 'U vader het ons juk swaar gemaak,

maar maak u dit ligter oor ons.' – As volg moet u hulle antwoord: 'My pinkie is dikker as my vader se middel.

<sup>11</sup> 'En nou, my vader het 'n swaar juk op julle gelaai, maar ék sal by julle juk nog byvoeg; my vader julle met die sweep getugtig, maar ék sal julle met gésels tugtig!'

<sup>12</sup> Jarob'am en die hele volk het toe by Reháb'am op die derde dag gekom soos die koning gepraat en gesê het: "Kom na my terug op die derde dag."

<sup>13</sup> Maar die koning het die volk 'n harde antwoord gegee en hy het die raad wat deur die oudstes aan hom gegee is, geïgnoreer.

<sup>14</sup> en met hulle gepraat volgens die raad van die jongmanne en gesê: "My vader het julle juk swaar gemaak, ék sal by julle juk nog byvoeg; my vader het julle met die sweep getugtig, ék sal julle met gésels tugtig."

<sup>15</sup> So het die koning nie na die volk geluister nie, want die ommeswaai was יהוה, sodat Hy Sy woord sou vervul wat יהוה gesê het deur die diens van Ahija, die Shiloniet, aan Jarob'am, die seun van Nebat.

<sup>16</sup> En die hele Jisra'ël het gesien dat die koning nie na hulle luister nie, en die volk het die koning geantwoord en gesê: "Watter aandeel het ons aan Dawid? En daar is geen erfdeel aan die seun van Jishai nie! Na julle tente<sup>a</sup> toe, Jisra'ël! Kyk nou na jou eie huis, Dawid!" Daarop het Jisra'ël na sy tente gegaan.

<sup>17</sup> Maar Reháb'am het regeer oor die kinders van Jisra'ël wat in die stede van J'huda gewoon het.

<sup>18</sup> Koning Reháb'am het toe Adóram wat oor die dwangarbeid was gestuur, maar die hele Jisra'ël het hom gestenig, en hy het gesterf. En koning Reháb'am het toe haastig op sy wa geklim, en na J'rushalajim gevlug.

<sup>a</sup> Volgens oorspronklike manuskripte behoort dit elohim te wees en is in later jare deur die skrifgeleerdes verander na "o'hél" wat tent beteken.

<sup>19</sup> So het die Jisra'ëliete dan teen die huis van Dawid gerebelleer tot vandag toe.

<sup>20</sup> En dit het gebeur toe die hele Jisra'ël gehoor het dat Jarob'am terug was, het hulle hom na die vergadering laat roep en hom oor die hele Jisra'ël koning gemaak. Niemand het die huis van Dawid gevolg nie, behalwe die stam van J'huda alleen.

<sup>21</sup> En Reháb'am het in J'rushalajim gekom, en hy het die hele huis van J'huda en die stam van Binjamin, honderd en tagtig duisend strydare jong mans, vergader om oorlog te voer teen die huis van Jisra'ël, om die koningskap na Reháb'am, die seun van Sh'lomo, terug te bring.

<sup>22</sup> Maar die woord van Elohim het tot Shemája, die man van Elohim, gekom en gesê:

<sup>23</sup> "Praat met Reháb'am, die seun van Sh'lomo, die koning van J'huda, en met die hele huis van J'huda en Binjamin en die orige deel van die volk en sê:

<sup>24</sup> 'So sê יהוה: "Julle mag nie optrek en teen julle broers, die kinders van Jisra'ël, oorlog voer nie. Julle moet omdraai, elkeen na sy huis, want hierdie saak is van My'". Hulle het toe geluister na die woord van יהוה en weer teruggetrek volgens die woord van יהוה.

<sup>25</sup> En Jarob'am het Sheķem in die berge van Efracim gebou en daarin gewoon, en daarvandaan uitgetrek en Pnu'el gebou.

<sup>26</sup> En Jarob'am het in sy hart gesê: "Nou sal die koningskap na die huis van Dawid terugkeer.

<sup>27</sup> "Indien hierdie volk opgaan om te slag in die huis van יהוה in J'rushalajim, dan sal die hart van hierdie volk terugkeer na hulle meester, na Reháb'am, die koning van J'huda, en hulle sal my doodmaak en teruggaan na Reháb'am, die koning van J'huda."

<sup>28</sup> Daarom het die koning besluit en twee goue kalwers gemaak en aan hulle gesê: "Te veel om op te gaan na J'rushalajim. Kyk, jou elohim, Jisra'ël, wat jou uit die land van Mitsrajim laat optrek het!"

<sup>29</sup> En die een het hy in Bět-Ěl opgerig en die ander in Dan opgestel.

<sup>30</sup> En hierdie saak het 'n sonde geword, want die volk het voor die een gaan aanbid tot by Dan.

<sup>31</sup> Hy het ook huise op die hoogtes gebou en priesters aangestel uit al die dele van die volk wat nie uit die seuns van Levi was nie.

<sup>32</sup> En Jarob'am het 'n fees gehou in die agtste maand, op die vyftiende dag van die maand, soos die fees wat in J'huda was, en op die altaar geoffer. So het hy in Bět-Ěl gedoen en aan die kalwers wat hy gemaak het geoffer, en ook in Bět-Ěl priesters aangestel vir die hoogtes wat hy gemaak het.

<sup>33</sup> En hy het op die altaar geoffer wat hy in Bět-Ěl gemaak het, op die vyftiende dag in die agtste maand, in die maand wat hy uit sy eie hart versin het, en vir die kinders van Jisra'el 'n fees ingestel en op die altaar geoffer en offerrook laat opgaan.

**13** En kyk, 'n man van Elohim het uit J'huda na Bět-Ěl gegaan deur die woord van יהוה, terwyl Jarob'am op die altaar gestaan om offerrook te laat opgaan het.

<sup>2</sup> En hy het uitgeroep teen die altaar deur die woord van יהוה en gesê: "Altaar, altaar, so sê יהוה: 'Kyk, 'n seun sal gebore word vir die huis van Dawid, die naam Joshijahu, en hy sal die priesters van die hoogtes wat op jou offerrook laat opgaan op jou slag, en op jou sal mensbene verbrand word.'"

<sup>3</sup> En hy het dieselfde dag 'n teken aangekondig en gesê: "Dit is die wonderteken wat יהוה gesê het: Kyk, die altaar sal uitmekaarskeur en die as wat daarop is, afgegooi word."

<sup>4</sup> En dit het gebeur toe die koning die woord van die man van Elohim hoor wat hy teen die altaar in Bět-Ěl uitgeroep het, het Jarob'am sy hand bo van die altaar af uitgesteek en gesê: "Gryp hom!" Maar sy hand wat hy teen hom uitgesteek het, het verdroog, sodat hy dit nie weer kon terugtrek nie.

<sup>5</sup> En die altaar is uitmekaargeskeur, en die as is van die altaar afgegooi volgens die teken wat die man van Elohim aangekondig het deur die woord van יהוה.

<sup>6</sup> En die koning het na die man van Elohim gekyk en gesê: "Smeek tog die aangesig van יהוה jou Elohim en bid vir my, dat my hand na my terugkeer." En die man van Elohim het die aangesig van יהוה gesmeek, sodat die hand van die koning na hom teruggekeer het en dit soos tevore was.

<sup>7</sup> Die koning het toe aan die man van Elohim gesê: "Kom saam met my huis toe en versterk jou, en laat ek jou 'n geskenk gee."

<sup>8</sup> Maar die man van Elohim het vir die koning gesê: "Al sou u my die helfte van u huis gee, ek kan nie met u saamgaan nie, en ek kan geen brood eet of water drink in hierdie plek nie.

<sup>9</sup> "Want so het is ek beveel deur die woord van יהוה en gesê: 'Jy mag geen brood eet of water drink nie, en jy mag nie terugkeer met die pad waarmee jy gegaan het nie.'"

<sup>10</sup> So het hy toe met 'n ander pad gegaan en nie teruggekeer met die pad waarmee hy na Bět-Ěl gekom het nie.

<sup>11</sup> En 'n sekere ou profeet het in Bět-Ěl gewoon, en sy seuns het gekom en hom alles vertel wat die man van Elohim dié dag in Bět-Ěl gedoen het, ook die woorde wat hy aan die koning gesê het. Hulle het alles aan hul vader vertel.

<sup>12</sup> En hul vader het vir hulle gesê: "Met watter pad het hy gegaan?" En sy seuns het die pad gesien waarmee die man van Elohim weer weg is wat uit J'huda gekom het.

<sup>13</sup> En hy het aan sy seuns gesê: "Saal vir my die donkie op." En hulle het vir hom die donkie opgesaal, en hy het daarop gery.

<sup>14</sup> En hy het agter die man van Elohim aan gegaan en hom gevind waar hy onder 'n terpentynboom gesit het. En hy het vir hom gesê: "Is jy die man van

Elohim wat uit J'huda gekom het?" En hy het gesê: "Ek is."

<sup>15</sup> En hy het vir hom gesê: "Kom saam met my huis toe en eet brood."

<sup>16</sup> En hy het gesê: "Ek kan nie saam met jou omdraai of saam met jou ingaan nie, ek mag ook nie brood eet of water in hierdie plek saam met jou drink nie."

<sup>17</sup> "Want die woord deur die woord van יהוה het tot my gekom: 'Jy mag daar geen brood eet of water drink nie, jy mag nie terugkeer met die pad waarmee jy gegaan het nie.'"

<sup>18</sup> En hy het vir hom gesê: "Ek is ook 'n profeet soos jy, en 'n boodskapper het met my gepraat deur die woord van יהוה en gesê: 'Bring hom terug saam met jou na jou huis, dat hy kan brood eet en water drink.'" Hy het vir hom gelieg.

<sup>19</sup> So het hy saam met hom omgedraai en in sy huis brood geëet en water gedrink.

<sup>20</sup> En dit het gebeur terwyl hulle aan tafel sit, dat die woord van יהוה tot die profeet wat hom laat omdraai het, gekom,

<sup>21</sup> en hy het na die man van Elohim wat uit J'huda gekom het, geroep en gesê: "So sê יהוה: 'Omdat jy opstandig was teen die mond van יהוה deur nie die bevel te hou wat יהוה jou beveel het nie,

<sup>22</sup> en omgedraai en brood geëet en water gedrink het in die plek waarvan Hy aan jou gesê het: 'Jy moet geen brood eet of water drink nie,' sal jou lyk nie in die graf van jou vaders kom nie.'"

<sup>23</sup> En dit het gebeur nadat hy geëet en gedrink het, het hy vir hom die donkie opgesaal, vir die profeet wat hy laat omdraai het.

<sup>24</sup> En hy het gegaan en 'n leeu het hom op die pad teëgekom en hom dood gemaak. En sy lyk was op die pad gegooi, en die donkie het daarby gestaan en die leeu het ook langs die lyk bly staan.

<sup>25</sup> En kyk, daar het mans verby gekom wat die lyk op die pad sien lê het, terwyl die leeu langs die lyk gestaan het. En

hulle het gegaan en dit vertel in die stad waar die ou profeet gewoon het.

<sup>26</sup> En die profeet wat hom van die pad af laat omdraai het, het dit gehoor, en gesê: "Dit is die man van Elohim wat teen die mond van יהוה opstandig was, en יהוה het hom aan die leeu oorgegee wat hom verskeur en hom dood gemaak het volgens die woord van יהוה wat Hy aan hom gesê het."

<sup>27</sup> En hy het met sy seuns gepraat en gesê: "Saal vir my die donkie op." En hulle het opgesaal.

<sup>28</sup> Hy het toe gegaan en sy lyk gevind, op die pad gegooi, en die donkie en die leeu het langs die lyk gestaan. Die leeu het die lyk nie geëet of die donkie nie verskeur nie.

<sup>29</sup> En die profeet het die lyk van die man van Elohim opgetel en dit op die donkie gesit en dit teruggebring. En die ou profeet het in die stad gekom om te treur en hom te begrawe.

<sup>30</sup> En hy het sy lyk in sy graf neergelê, en hulle het oor hom getreur: "Ag, my broer!"

<sup>31</sup> En dit het gebeur, nadat hy hom begrawe het, het hy aan sy seuns gesê: "Wanneer ek sterf, dan moet julle my begrawe in die graf waar die man van Elohim begrawe is. Lê my bene langs sy bene neer.

<sup>32</sup> "Want die woord sal sekerlik uitkom wat hy deur die woord van יהוה uitgeroep het teen die altaar wat in Bêt-Ēl is, en teen al die huise van die hoogtes wat in die stede van Shomaron is."

<sup>33</sup> Ná hierdie gebeurtenis het Jarob'am nie van sy bouse weg gedraai nie, maar weer priesters van die hoogtes gemaak uit al die dele van die volk. Elkeen wat wou, dié het hy aangestel, dat hy een van die priesters van die hoogtes kon word.

<sup>34</sup> En hierdie saak was die sonde vir die huis van Jarob'am, en wel om dit af te sny en uit te roei van die aarde af.

**14** In dieselfde tyd het Abija, die seun van Jarob'am, siek geword.

<sup>2</sup> En Jarob'am het vir sy vrou gesê: "Staan asseblief op en trek ander klere aan, sodat hulle nie kan weet dat jy die vrou van Jarob'am is nie, en gaan na Shilo. Kyk, die profeet Ahija wat van my gesê het dat ek koning oor hierdie volk sou word, is daar.

<sup>3</sup> "En neem tien brode en koeke en 'n kruik met heuning met jou saam, en gaan na hom toe. Hy sal jou vertel gee wat met die seun sal gebeur."

<sup>4</sup> En die vrou van Jarob'am het so gedoen, en opgestaan en na Shilo gegaan en by die huis van Ahija gekom. En Ahija kon nie sien nie, want sy oë was styf vanweë sy ouderdom.

<sup>5</sup> Maar יהוה het vir Ahija gesê: "Kyk, die vrou van Jarob'am kom om jou te raadpleeg oor haar seun, want hy is siek. Jy moet so en so vir haar sê. Want sy sal inkom, terwyl sy haar as 'n vreemde voorhou."

<sup>6</sup> En dit het gebeur toe Ahija die geluid van haar voete hoor toe sy by die deur inkom, het hy gesê: "Kom in, vrou van Jarob'am! Waarom hou jy jou so vreemd voor? Want ek is gestuur met 'n harde boodskap aan jou.

<sup>7</sup> "Gaan sê vir Jarob'am: 'So sê יהוה, die Elohim van Jisra'el: "Omdat Ek jou onder die volk uit verhef het en jou as 'n regeerder oor My volk Jisra'el aangestel het <sup>8</sup> en die koningskap van die huis van Dawid weggeskeur en dit aan jou gegee het, maar jy nie soos My dienaar Dawid was wat My geboorte bewaar en My met sy hele hart nagevolg het om net te doen wat reg is in My oë nie,

<sup>9</sup> maar jy meer boosheid gedoen het as al jou voorgangers en vir jou ander elohim en gegote beelde gaan maak het om My te tart en My agter jou rug gegooi het -

<sup>10</sup> kyk, daarom bring Ek boosheid oor die huis van Jarob'am en sal van Jarob'am uitroei al wat manlik is in Jisra'el, of hy wat *vry loop* of opgesluit is, en Ek sal die huis van Jarob'am skoon wegvee soos 'n mens drek wegvee totdat daar niks van

oor is nie.

<sup>11</sup> "Hulle van Jarob'am wat in die stad sterf, sal die honde eet, en hulle wat in die veld sterf, sal die voëls van die hemel eet, want יהוה het dit gesê!"

<sup>12</sup> "En jy, staan op, gaan na jou huis. Wanneer jou voete die stad inkom, sal die kind sterf.

<sup>13</sup> "En die hele Jisra'el sal hom betreur en hom begrawe, want hy alleen van Jarob'am sal in 'n graf kom, want in hom iets goeds voor יהוה, die Elohim van Jisra'el, gevind in die huis van Jarob'am.

<sup>14</sup> "En יהוה sal vir Hom 'n koning oor Jisra'el oprig wat die huis van Jarob'am dié dag sal afsny, ja, selfs nou al.

<sup>15</sup> "En יהוה sal Jisra'el slaan, soos 'n riet in die water geskud word, en sal Jisra'el uitruk uit hierdie goeie land wat Hy aan hulle vaders gegee het, en hulle anderkant die Eufraat verstrooi, omdat hulle hul Ashēras gemaak en יהוה getart het.

<sup>16</sup> "En Hy sal Jisra'el oorgee weens die sondes van Jarob'am, wat hy gesondig het en waarmee hy Jisra'el laat sondig het."

<sup>17</sup> En die vrou van Jarob'am het opgestaan en geloop en in Tirtsa aangekom. Toe sy op die drumpel van die huis gekom het, het die seun gesterf.

<sup>18</sup> En hulle het hom begrawe, en die hele Jisra'el het oor hom getreur volgens die woord van יהוה wat Hy gesê het deur die diens van Sy dienaar, die profeet Ahija.

<sup>19</sup> En die verdere geskiedenis van Jarob'am, hoe hy geveg en hoe hy regeer het, kyk, dit is beskryf in die boek van die annale van die konings van Jisra'el.

<sup>20</sup> En die dae wat Jarob'am regeer het, was twee en twintig jaar. En hy het met sy vaders ontslaap, en sy seun Nadab het in sy plek regeer.

<sup>21</sup> En Rehāb'am, die seun van Sh'lomo, was koning in J'huda. Rehāb'am was een en veertig jaar oud toe hy koning geword het, en hy het sewentien jaar regeer in J'rushalajim, die stad wat יהוה gekies het uit al die stamme van Jisra'el om Sy Naam daar te vestig. En die naam van sy



moeder was Naäma, die Ammonitiese.

<sup>22</sup> En J'huda het boosheid gedoen in die oë van יהוה en Hom uitgetart, deur hul sondes wat hulle gedoen het, meer as al die dade van hulle vaders.

<sup>23</sup> Want hulle het ook vir hulle hoogtes gebou en klipplare en Ashēras op elke hoë heuwel en onder elke groen boom.

<sup>24</sup> En daar was ook manlike hoere in die land. Hulle het gehandel volgens al die gruwels van die heidene wat יהוה voor die kinders van Jisra'ël uit verdryf het.

<sup>25</sup> En dit het gebeur, in die vyfde jaar van koning Reḥáb'am het Shishak, die koning van Mitsrajim, toe teen J'rushalajim opgetrek.

<sup>26</sup> En hy het die skatte van die huis van יהוה en die skatte van die huis van die koning weggeneem, ja, hy het alles weggeneem. En hy het ook al die goue skilde wat Sh'lomo gemaak het, weggeneem.

<sup>27</sup> En koning Reḥáb'am het in die plek daarvan koperskilde gemaak, en hy het dit aan die owerstes van die hardlopers toevertrou wat die deur van die koning se huis bewaak het.

<sup>28</sup> En dit het gebeur, so dikwels as die koning in die huis van יהוה ingegaan het, het die hardlopers dit gedra en dit weer terug gebring in die wagkamer van die hardlopers.

<sup>29</sup> En die verdere geskiedenis van Reḥáb'am en alles wat hy gedoen het, is dit nie beskryf in die boek van die annale van die konings van J'huda nie?

<sup>30</sup> En daar was gedurigdeur oorlog tussen Reḥáb'am en Jarob'am.

<sup>31</sup> En Reḥáb'am het ontslaap met sy vaders en is begrawe by sy vaders in die Stad van Dawid. En die naam van sy moeder was Naäma, die Ammonitiese. En sy seun Abija het in sy plek regeer.

**15** En in die agttiende jaar van koning Jarob'am, die seun van Nebat, het Abija koning oor J'huda geword.

<sup>2</sup> Hy het drie jaar in J'rushalajim regeer, en van sy moeder se naam was Máäga, die dogter van Abishalom.

<sup>3</sup> En hy het gewandel in al die sondes van sy vader wat hy voor hom gedoen het, en sy hart was nie volkome met יהוה sy Elohim soos die hart van sy vader Dawid nie.

<sup>4</sup> Maar ter wille van Dawid het יהוה sy Elohim vir hom 'n lamp in J'rushalajim gegee deur sy seun ná hom te verwek en J'rushalajim in stand te hou,

<sup>5</sup> want Dawid het gedoen wat reg was in die oë van יהוה, sonder om weg te draai van alles wat Hy hom beveel het, al die dae van sy lewe, behalwe in die saak van Urija, die Hetiet.

<sup>6</sup> En daar was oorlog tussen Reḥáb'am en Jarob'am, al die dae van sy lewe.

<sup>7</sup> En die verdere geskiedenis van Abija en alles wat hy gedoen het, is dit nie beskryf in die boek van die annale van die konings van J'huda nie? Daar was ook oorlog tussen Abija en Jarob'am.

<sup>8</sup> En Abija het ontslaap met sy vaders, en hy is begrawe in die Stad van Dawid. En sy seun Asa het in sy plek regeer.

<sup>9</sup> En In die twintigste jaar van Jarob'am, die koning van Jisra'ël, het Asa koning oor J'huda geword.

<sup>10</sup> En hy het een en veertig jaar in J'rushalajim regeer, en sy ouma was Máäga, die kleindogter van Abishalom.

<sup>11</sup> En Asa het gedoen wat reg was in die oë van יהוה net soos sy vader Dawid.

<sup>12</sup> Hy het die manlike hoere uit die land verdryf en al die idole verwyder wat sy vaders gemaak het.

<sup>13</sup> En hy ook sy ouma Máäga as koninginmoeder verwyder, omdat sy 'n gruwelike beeld vir Ashēra gemaak het; en Asa het die gruwelike beeld omgekap en in die Kidronspruit verbrand.

<sup>14</sup> Maar hoogtes is nie afgeskaf nie, tog was Asa se hart volkome met יהוה al sy dae.

<sup>15</sup> En hy het die afgesonderde gawes van sy vader en sy afgesonderde gawes in die huis van יהוה gebring: silwer en goud en allerhande voorwerpe.

<sup>16</sup> En daar was oorlog tussen Asa en Ba'sha, die koning van Jisra'ël, al hulle

dae.

<sup>17</sup> En Ba'sha, die koning van Jisra'ël, het teen J'huda opgetrek en Rama gebou om almal te keer om uit of in te gaan by Asa, die koning van J'huda.

<sup>18</sup> En Asa het al die silwer en die goud wat oorgebly het in die skatkamers van die huis van יהוה en die skatte van die huis van die koning geneem, en dit in die hand van sy dienaars gegee. En koning Asa het hulle gestuur na Ben-Hadad, die seun van Tabrimmon, die seun van Hésjon, die koning van Aram wat in Damaskus gewoon het, en gesê:

<sup>19</sup> "Maak 'n verbond tussen my en u, soos tussen my vader en u vader. Kyk, ek het 'n geskenk van silwer en goud gestuur. Gaan verbreek u verbond met Ba'sha, die koning van Jisra'ël, dat hy kan wegtrek van my af."

<sup>20</sup> En Ben-Hadad het geluister na koning Asa en die owerstes van sy leërmagte teen die stede van Jisra'ël gestuur, en Ijon en Dan en Abël-Bêt-Máaga en die hele Kinnerot met die hele land Náftali verslaan.

<sup>21</sup> En dit het gebeur toe Ba'sha dit hoor, dat hy opgehou het om Rama te bou en het in Tirtsa gebly.

<sup>22</sup> Koning Asa het toe die hele J'huda opgeroep - niemand was verskoon nie - en hulle het die klippe en balke van Rama, waarmee Ba'sha gebou het, weggedra. En daarmee het koning Asa Geba in Benjamin en Mitspa gebou.

<sup>23</sup> En die res van die verdere geskiedenis van Asa en al sy magtige dade en alles wat hy gedoen het, en die stede wat hy gebou het, is dit nie beskryf in die boek van die annale van die konings van J'huda nie? Maar in die tyd van sy ouderdom was hy swak in sy voete.

<sup>24</sup> En Asa het ontslaap met sy vaders en is by sy vaders begrawe in die stad van sy vader Dawid. En sy seun J'hoshafat het in sy plek regeer.

<sup>25</sup> En Nadab, die seun van Jarob'am, het koning geword oor Jisra'ël in die tweede jaar van Asa, die koning van J'huda, en

hy het twee jaar oor Jisra'ël regeer.

<sup>26</sup> En hy het boosheid gedoen in die oë van יהוה, en gewandel in die weg van sy vader en in sy sonde waarmee hy Jisra'ël laat sondig het.

<sup>27</sup> En Ba'sha, die seun van Ahija, van die huis van Jissaskar, het teen hom samegesweer, en Ba'sha het hom verslaan by Gibbeton wat aan die Palisitim behoort het, terwyl Nadab en die hele Jisra'ël besig was om Gibbeton te beleër.

<sup>28</sup> So het Ba'sha hom dan dood gemaak in die derde jaar van Asa, die koning van J'huda, en in sy plek regeer.

<sup>29</sup> En dit het gebeur toe hy koning geword het, het hy die hele huis van Jarob'am vernietig. Hy het van Jarob'am niks laat oorbly wat asemhaal nie, totdat hy hom verdelg het, volgens die woord van יהוה wat Hy gesê het deur Sy dienaar Ahija, die Shiloniet,  
<sup>30</sup> weens die sondes van Jarob'am wat hy gedoen en waarmee hy Jisra'ël laat sondig het, deur sy getar waarmee hy יהוה, die Elohim van Jisra'ël, getart het.

<sup>31</sup> En die verdere geskiedenis van Nadab en alles wat hy gedoen het, is dit nie beskryf in die boek van die annale van die konings van Jisra'ël nie?

<sup>32</sup> En daar was oorlog tussen Asa en Ba'sha, die koning van Jisra'ël, al hulle dae.

<sup>33</sup> In die derde jaar van Asa, die koning van J'huda, het Ba'sha, die seun van Ahija, oor die hele Jisra'ël koning geword in Tirtsa, vier en twintig jaar lank.

<sup>34</sup> En hy het boosheid gedoen in die oë van יהוה en gewandel in die weg van Jarob'am en in sy sonde waarmee hy Jisra'ël laat sondig het.

**16** Toe het die woord van יהוה tot Jêhu, die seun van Hanáni, gekom teen Ba'sha, en gesê:

<sup>2</sup> "Omdat Ek jou uit die stof opgehef en jou as 'n vors oor My volk Jisra'ël aangestel het, maar jy in die weg van Jarob'am gewandel en My volk Jisra'ël laat sondig het, om My te tart deur hulle

sondes,

<sup>3</sup> kyk, sal Ek Ba'sha en sy huis vernietig, en Ek sal jou huis maak soos die huis van Jarob'am, die seun van Nebat.

<sup>4</sup> "Die een van Ba'sha wat in die stad sterf, sal die honde eet, en wie van hom in die veld sterf, sal die voëls van die hemel eet."

<sup>5</sup> En die verdere geskiedenis van Ba'sha en wat hy gedoen het, en sy magtige dade, is dit nie beskryf in die boek van die annale van die konings van Jisra'ël nie?

<sup>6</sup> En Ba'sha het ontslaap met sy vaders, en hy is begrawe in Tirtsa. En sy seun Ēla het in sy plek regeer.

<sup>7</sup> En ook het die woord van יהוה deur die diens van Jĕhu, die seun van Hanāni, die profeet, teen Ba'sha en teen sy huis gekom, nie alleen oor al die boosheid wat hy in die oë van יהוה gedoen het, deur Hom te tart met sy handewerk om soos die huis van Jarob'am te wees nie, maar ook omdat hy hom verslaan het.

<sup>8</sup> In die ses en twintigste jaar van Asa, die koning van J'huda, het Ēla, die seun van Ba'sha, oor Jisra'ël in Tirtsa begin regeer, twee jaar lank.

<sup>9</sup> Maar sy dienaar Simri, die owerste oor die helfte van die strydwaens, het teen hom saamgesweer terwyl hy hom dronk gedrink het in Tirtsa, in die huis van Artsa, wat oor die paleis in Tirtsa was.

<sup>10</sup> Simri het toe ingekom en hom verslaan en hom dood gemaak in die sewe en twintigste jaar van Asa, die koning van J'huda, en hy het in sy plek regeer.

<sup>11</sup> En dit het gebeur toe hy begin regeer, net toe hy op die troon gesit het, het hy die hele huis van Ba'sha vernietig. Hy het vir hom niemand laat oorbly wat manlik is nie, ook nie sy wrekers of vriende nie.

<sup>12</sup> So het Simri dan die hele huis van Ba'sha verdelg volgens die woord van יהוה wat Hy gesê het oor Ba'sha deur die diens van die profeet Jĕhu,

<sup>13</sup> weens al die sondes van Ba'sha en die sondes van sy seun Ēla wat hulle gedoen het en waarmee hulle Jisra'ël laat sondig

het, om יהוה, die Elohim van Jisra'ël, te tart met hulle leegheid.

<sup>14</sup> En die verdere geskiedenis van Ēla en alles wat hy gedoen het, is dit nie beskryf in die boek van die annale van die konings van Jisra'ël nie?

<sup>15</sup> In die sewe en twintigste jaar van Asa, die koning van J'huda, het Simri sewe dae lank in Tirtsa regeer, terwyl die mans teen Gibbeton gekamp het wat aan die Palishtim behoort het.

<sup>16</sup> En die mans wat gekamp het, het gehoor *daar is* gesê: "Simri het saamgesweer en ook die koning doodgeslaan." Toe het die hele Jisra'ël Omri, die leërowerste, koning gemaak oor Jisra'ël, daardie dag in die laer.

<sup>17</sup> En Omri het opgetrek en die hele Jisra'ël saam met hom van Gibbeton af en Tirtsa beleër.

<sup>18</sup> En dit het gebeur toe Simri sien dat die stad ingeneem is, het hy in die vesting van die koning se huis gegaan en die huis van die koning bo-op hom aan die brand gesteeek, sodat hy gesterf het,

<sup>19</sup> weens sy sondes wat hy begaan het deur boosheid te doen in die oë van יהוה, deur te wandel in die weg van Jarob'am en in sy sonde wat hy gedoen het om Jisra'ël te laat sondig.

<sup>20</sup> En die verdere geskiedenis van Simri en sy sameswering wat hy gesmee het, is dit nie beskryf in die boek van die annale van die konings van Jisra'ël nie?

<sup>21</sup> Die volk van Jisra'ël is toe verdeel in twee helftes: een helfte van die volk het Tibni, die seun van Ginat, gevolg om hom te laat regeer, en die ander helfte het Omri gevolg.

<sup>22</sup> Maar die volk wat Omri gevolg het, was te sterk vir die volk wat Tibni, die seun van Ginat, gevolg het. En Tibni het gesterf, en Omri het regeer.

<sup>23</sup> In die een en dertigste jaar van Asa, die koning van J'huda, het Omri oor Jisra'ël begin regeer, twaalf jaar lank. In Tirtsa het hy ses jaar regeer.

<sup>24</sup> En hy het die berg Shomaron van Shemer gekoop vir twee talente silwer en

die berg bebou en die stad wat hy gebou het, Shomaron genoem na die naam van Shemer, die eienaar van die berg.

<sup>25</sup> En Omri het boosheid gedoen in die oë van יהוה, en erger gedoen as al sy voorgangers.

<sup>26</sup> Hy het gewandel in al die weë van Jarob'am, die seun van Nebat, en in sy sondes waarmee hy Jisra'ël laat sondig het, om יהוה, die Elohim van Jisra'ël, te tart met hulle leegheid.

<sup>27</sup> En die verdere geskiedenis van Omri, wat hy gedoen het, en sy magtige daede wat hy verrig het, is dit nie beskryf in die boek van die annale van die konings van Jisra'ël nie?

<sup>28</sup> En Omri het ontslaap met sy vaders en is in Shomaron begrawe. En sy seun Agab het in sy plek regeer.

<sup>29</sup> En Agab, die seun van Omri, het oor Jisra'ël begin regeer in die agt en dertigste jaar van Asa, die koning van J'huda. En Agab, die seun van Omri, het in Shomaron oor Jisra'ël twee en twintig jaar regeer.

<sup>30</sup> En Agab, die seun van Omri, het boosheid gedoen in die oë van יהוה, meer as almal voor hom.

<sup>31</sup> En dit was asof dit 'n ligte saak was dat hy in die sondes van Jarob'am, die seun van Nebat, gewandel het, maar hy het Isébel, die dogter van Et-Baäl, die koning van Tsidon, as vrou geneem, en Baäl gaan dien en voor hom neergebuig, <sup>32</sup> en vir Baäl 'n altaar opgerig in die huis van Baäl wat hy in Shomaron gebou het.

<sup>33</sup> En Agab het die Ashëra gemaak, en Agab het nog meer gedoen om יהוה, die Elohim van Jisra'ël, te tart as al die konings van Jisra'ël, voor hom.

<sup>34</sup> In sy dae het Hië'l, van Bët-Ël, Jérigo opgebou. Ten koste van Abiram, sy eersgeborene, het hy sy fondament gelê, en ten koste van Segub, sy jongste, sy poorte opgerig, volgens die woord van יהוה wat Hy deur die diens van J'hoshua, die seun van Nun, gesê het.

**17** En Ëlijahu, die Tishbi, 'n vreemdeling in Gil'ad, het vir Agab gesê: "So waar

as יהוה, die Elohim van Jisra'ël, leef, voor wie ek staan, daar sal geen dou of reën in hierdie jare wees nie, behalwe op my woord!"

<sup>2</sup> Toe het die woord van יהוה tot hom en gekom en gesê:

<sup>3</sup> "Gaan weg van hier en draai jou na die ooste toe en versteek jou by die spruit Kerit wat in die Jardën vloei.

<sup>4</sup> "En jy sal van die spruit drink, en Ek het aan die kraaie bevel gegee om jou daar te onderhou."

<sup>5</sup> En hy het gegaan en gedoen volgens die woord van יהוה. Hy het gaan bly by die spruit Kerit wat in die Jardën vloei.

<sup>6</sup> En die kraaie het soggens brood en vleis, en saans brood en vleis vir hom gebring, en hy het van die spruit gedrink.

<sup>7</sup> Maar ná verloop van tyd het die spruit opgedroog, want daar was geen reën in die land nie.

<sup>8</sup> Toe het die woord van יהוה tot hom gekom en gesê:

<sup>9</sup> "Staan op, gaan na Tsarefat wat by Tsidon is, en bly daar. Kyk, daar het Ek aan 'n weduwee bevel gegee om jou te onderhou."

<sup>10</sup> En hy het opgestaan en na Tsarefat gegaan, en by die ingang van die stad gekom, en hy het 'n weduwee daar gesien wat besig was om houtjies bymekaar te maak. En hy het haar geroep en gesê: "Bring asseblief vir my 'n bietjie water in 'n beker om te drink."

<sup>11</sup> Terwyl sy geloop het om dit te gaan haal, het hy na haar geroep en gesê: "Bring asseblief vir my 'n stukkie brood in jou hand."

<sup>12</sup> En sy het geantwoord: "So waar as יהוה u Elohim leef, ek het nie broodkoek nie, net 'n handvol meel in 'n pot en 'n bietjie olie in 'n kruik. En kyk, ek maak 'n paar houtjies bymekaar, en sal dit gaan berei vir my en my seun, dat ons dit kan eet en doodgaan."

<sup>13</sup> En Ëlijahu het vir haar gesê: "Wees nie bevrees nie, gaan en doen volgens jou woord, maar maak eers vir my 'n broodkoekie daarvan en bring dit uit vir

my. Daarna kan jy vir jōu en jou seun iets maak.

<sup>14</sup> "Want so sê יהוה, die Elohim van Jisra'el: 'Die meel in die pot sal nie opraak en die olie in die kruik sal nie verminder nie, tot op die dag dat יהוה reën op die aarde sal gee.'"

<sup>15</sup> En sy het gegaan en gedoen volgens die woord van Ēlijahu; en sy en hy en haar gesin het geëet dae lank.

<sup>16</sup> Die meel in die pot het nie opgeraak en die olie in die kruik nie verminder nie, volgens die woord van יהוה wat Hy deur die diens van Ēlijahu gesê het.

<sup>17</sup> Dit het gebeur ná hierdie dinge dat die seun van die vrou, die eienares van die huis, siek geword het. En sy siekte was baie ernstig, totdat daar geen asem meer in hom oorgebly het nie.

<sup>18</sup> En sy het vir Ēlijahu gesê: "Wat het ek met u te doen, man van Elohim! Het u na my gekom om my ongeregtigheid in gedagtenis te bring en my seun dood te maak?"

<sup>19</sup> En hy het aan haar gesê: "Gee jou seun vir my." En hy het hom van haar skoot af geneem en hom opgedra na die bo-kamer waar hy self gewoon het, en hom op sy bed neergelê.

<sup>20</sup> En hy het יהוה aangeroep en gesê: "יהוה my Elohim, het U selfs oor die weduwee by wie ek as vreemdeling vertoef, 'n teëspoed gebring deur haar seun te laat sterf?"

<sup>21</sup> En hy het hom drie maal oor die kind uitgestrek en יהוה aangeroep en gesê: "יהוה my Elohim, laat die lewe van hierdie kind tog in hom terugkeer."

<sup>22</sup> En יהוה het Ēlijahu se stem gehoor; en die lewe van die kind het in hom teruggekeer, en hy het gelewe.

<sup>23</sup> En Ēlijahu het die kind geneem en hom af gebring uit die bo-kamer in die huis en hom aan sy moeder gegee. En Ēlijahu het gesê: "Kyk, jou seun lewe!"

<sup>24</sup> En die vrou het vir Ēlijahu gesê: "Nou weet ek dit, dat u 'n man van Elohim is en dat die woord van יהוה in u mond waarheid is."

**18** En baie dae daarna het die woord van יהוה in die derde jaar tot Ēlijahu gekom en gesê: "Gaan, wys jou aan Agab, en Ek wil reën op die aarde gee."

<sup>2</sup> En Ēlijahu het gegaan om hom aan Agab te wys. En die hongersnood was erg in Shomaron.

<sup>3</sup> Toe laat Agab Obādjahu, wat oor die paleis was, roep. En Obādjahu het יהוה baie gevrees.

<sup>4</sup> Want toe Isébel die profete van יהוה uitgeroei het, het Obādjahu honderd profete geneem en hulle versteek, vyftig per grot en hulle met brood en water onderhou.

<sup>5</sup> En Agab het vir Obādjahu gesê: "Trek deur die land na al die waterfonteine en na al die spruite. Miskien sal ons gras kry, sodat ons die perde en muile aan die lewe kan hou en van die vee nie hoef uit te roei nie.

<sup>6</sup> En hulle het die land onder mekaar verdeel om dit deur te trek: Agab het met een pad getrek op sy eie, en Obādjahu het met 'n ander pad getrek op sy eie.

<sup>7</sup> En terwyl Obādjahu op pad was, het Ēlijahu hom ontmoet. En hy het hom herken, en op sy aangesig geval en gevra: "Is dit u, my meester Ēlijahu?"

<sup>8</sup> En hy het gesê: "Dit is ek. Gaan sê aan jou meester: 'Kyk, Ēlijahu!'"

<sup>9</sup> Maar hy het gesê: "Wat het ek gesondig, dat u u dienaar oorgee in die hand van Agab om my dood te maak?"

<sup>10</sup> "So waar as יהוה u Elohim leef, daar is geen nasie of koninkryk waar my meester nie heen gestuur het om u te soek nie. En wanneer hulle gesê het: 'Hy is nie hier nie,' dan het hy die koninkryk en die nasie laat sweer dat hulle u nie kon vind nie.

<sup>11</sup> "En nou sê u: 'Gaan sê aan jou meester: "Kyk, Ēlijahu!"'

<sup>12</sup> "En dit sal gebeur sodra ek van u af weg is dat die Gees van יהוה u wegneem, ek weet nie waarheen nie. En ek sal by Agab kom en berig bring en indien hy u nie vind nie, dan sal hy my

doodmaak. En u dienaar vrees יהוה van sy jeug af.

<sup>13</sup> "Is dit nie aan my meester vertel wat ek gedoen het toe Isébel die profete van יהוה gedood het nie, dat ek van die profete van יהוה honderd man versteek het, vyftig per grot en hulle met brood en water onderhou het nie?"

<sup>14</sup> "En nou sê u: 'Gaan sê aan jou meester: "Kyk, Ēlijahu!" dan sal hy my doodmaak!"

<sup>15</sup> Maar Ēlijahu het gesê: "So waar as יהוה van die leërskaare leef, voor wie ek staan, ek sal my verseker vandag aan hom wys!"

<sup>16</sup> En Obádjahu het gegaan en Agab ontmoet en hom dit vertel, en Agab het gegaan en Ēlijahu ontmoet.

<sup>17</sup> En dit het gebeur toe Agab Ēlijahu gesien het, het Agab vir hom gesê: "Jou moeilikheidmaker van Jisra'ël!"

<sup>18</sup> En hy het gesê: "Ek het Jisra'ël nie in moeilikheid gebring nie, maar u en u familie, deurdat u die gebooie van יהוה verlaat het en agter die Baäls aan geloop het.

<sup>19</sup> "En nou, stuur en laat die hele Jisra'ël by my bymekaarkom op die berg Karmel, ook die vier honderd en vyftig profete van Baäl en die vier honderd profete van Ashéra wat aan die tafel van Isébel eet."

<sup>20</sup> En Agab het gestuur om al die kinders van Jisra'ël en die profete op die berg Karmel bymekaar te laat kom.

<sup>21</sup> En Ēlijahu het nader gekom na die hele volk en gesê: "Hoe lank spring julle tussen twee gedagtes? Indien יהוה Elohim is, volg Hom; en indien Baäl, volg hom!" Maar die volk het hom niks geantwoord nie.

<sup>22</sup> En Ēlijahu het vir die volk gesê: "Ek het alleen oorgebly as profeet van יהוה, terwyl die profete van Baäl vier honderd en vyftig is.

<sup>23</sup> "Nou laat hulle vir ons twee bulle gee. En hulle kan vir hul een bul uitkies en dit in stukke verdeel en op die hout sit, maar sonder om vuur te maak. En ék sal die ander bul voorberei en op die hout sit,

maar geen vuur maak nie.

<sup>24</sup> En julle roep dan die naam van julle eloah aan, en ék sal die Naam van יהוה aanroep. En die Elohim wat met vuur antwoord, Hy sal Elohim wees." En die hele volk het geantwoord en gesê: "Die woord is goed."

<sup>25</sup> En Ēlijahu het aan die profete van Baäl gesê: "Kies vir julle een bul en berei dit eerste, want julle is baie. En roep die naam van julle elohim aan, maar maak geen vuur nie."

<sup>26</sup> En hulle het die bul geneem wat aan hulle gegee was, en dit voorberei en die naam van Baäl van die môre tot die middag aangeroop en gesê: "O Baäl, hoor ons!" Maar daar was geen stem en niemand wat antwoord nie. En hulle het rondgespring by die altaar wat hulle gemaak het.

<sup>27</sup> En dit het gebeur teen die middag, het Ēlijahu met hulle gespot en gesê: "Roep hard, hy is mos 'n eloah! Dalk mediteer hy, of is hy besig, of is hy op reis. Miskien slaap hy en moet wakker word!"

<sup>28</sup> En hulle het hard geroep en hulleself volgens hul gebruik met messe en spiese gesny tot die bloed op hulle uitgespuut het.

<sup>29</sup> En toe die middag verby was, het hulle begin profeseer tot die tyd dat die *graanoffer* gebring moes word. Maar daar was geen stem en niemand wat geantwoord het nie, en geen ag geslaan nie.

<sup>30</sup> Toe het Ēlijahu vir die hele volk gesê: "Kom nader na my." En die hele volk het nader gekom na hom. En hy het die altaar van יהוה herstel wat afgebreek was.

<sup>31</sup> En Ēlijahu het twaalf klippe geneem volgens die getal van die stamme van Jaäkoḇ se seuns aan wie die woord van יהוה gekom en gesê het: "Jisra'ël is jou naam."

<sup>32</sup> En hy het met die klippe 'n altaar in die Naam van יהוה gebou. En hy het 'n sloot rondom die altaar gemaak, spasië vir omtrent twee mate saad.

<sup>33</sup> En hy het die hout gerangskik en die bul in stukke verdeel en bo-op die hout gelê. En hy het gesê: "Maak vier kruike vol water en giet dit op die brandoffer en op die hout."

<sup>34</sup> En hy het gesê: "Doen dit vir die tweede maal." En hulle het dit vir die tweede maal gedoen. En hy het gesê: "Doen dit vir die derde maal." En hulle het dit vir die derde maal gedoen.

<sup>35</sup> En die water rondom die altaar geloop het, en ook die sloot het hy vol water gemaak.

<sup>36</sup> En op die tyd dat hulle die *graanoffer* bring, het die profeet Ēlijahu nader gekom en gesê: "יהוה, Elohim van Abraham, Jitshak en Jisra'ël, laat dit vandag bekend word; U is Elohim in Jisra'ël, en ek U dienaar, en dat ek al hierdie dinge op U woord gedoen het.

<sup>37</sup> "Antwoord my, יהוה, antwoord my, sodat hierdie volk kan erken dat U, יהוה, Elohim is, en dat U hulle hart tot U laat terugkeer."

<sup>38</sup> Toe het die vuur van יהוה neergeval en die brandoffer en die hout en die klippe en die stof verteer, en die water wat in die sloot was, is opgelek.

<sup>39</sup> En die hele volk het dit gesien, en hulle het op hul gesigte geval en gesê: "יהוה, Hy is Elohim, יהוה, Hy is Elohim!"

<sup>40</sup> En Ēlijahu het vir hulle gesê: "Gryp die profete van Baäl! Laat niemand van hulle ontsnap nie!" En hulle het hul gegryp, en Ēlijahu het hulle afgebring na die spruit Kishon en hulle daar geslag.

<sup>41</sup> Toe het Ēlijahu vir Agab gesê: "Trek op, eet en drink, want dit is die gedreun van 'n oorvloed reën!"

<sup>42</sup> En Agab het opgetrek om te eet en te drink. En Ēlijahu het op die top van die Karmel geklim en hom op die grond neergebuig en sy gesig tussen sy knieë gesteek.

<sup>43</sup> En hy het vir sy dienaar gesê: "Klim nou op, kyk uit na die see." En hy het opgeklim en uitgekyk en gesê: "Daar is nie 'n spikkel nie." Sew maal het hy gesê: "Gaan weer."

<sup>44</sup> En dit het gebeur die sewende maal dat hy gesê het: "Kyk 'n wolkie soos 'n man se hand kom uit die see!" Toe het hy gesê: "Gaan op, sê vir Agab: 'Span in en trek af, voor die reën jou keer!'"

<sup>45</sup> En intussen het die hemel swart van wolke en wind geword, en 'n groot reën het gekom. En Agab het op die wa geklim en weggetrek na Jisre'ël.

<sup>46</sup> En die hand van יהוה was oor Ēlijahu. En hy het sy heupe omgord en voor Agab uit gehardloop in die rigting na Jisre'ël.

**19** En Agab het Isébel alles vertel wat Ēlijahu gedoen het, en alles hoe hy al die profete met die swaard dood gemaak het.

<sup>2</sup> Isébel het toe 'n boodskapper na Ēlijahu gestuur en gesê: "Mag die elohim so doen en nog meer indien ek nie môre sulke tyd jou lewe maak soos die lewe van een van hulle nie."

<sup>3</sup> En hy het dit gesien en hy het opgestaan en vir sy lewe weggegaan. En hy het in Be'ër-Sheba in J'huda aangekom, en hy het sy dienaar daar laat agterbly.

<sup>4</sup> Maar hyself het 'n dagreis die woestyn ingegaan en daar onder 'n besembos gesit en gebid dat hy mag sterf. En hy het gesê: "Dit is genoeg, neem nou my lewe, יהוה, want ek is nie beter as my vaders nie."

<sup>5</sup> En hy het gaan lê en onder 'n besembos aan die slaap geraak. En kyk, 'n boodskapper aan hom geraak en vir hom gesê: "Staan op, eet!"

<sup>6</sup> En hy het opgekyk, en daar was 'n roosterkoek op warm klippe gebak en 'n kruik water by sy kop. En hy het geëet en gedrink en weer gaan lê.

<sup>7</sup> En die boodskapper van יהוה het weer vir die tweede maal gekom en aan hom geraak en gesê: "Staan op, eet, anders is die pad vir jou te veel."

<sup>8</sup> En hy het opgestaan en geëet en gedrink en deur die krag van die voedsel veertig dae en veertig nagte lank geloop tot by die berg van Elohim, Horéḇ.

<sup>9</sup> En hy het daar in 'n grot gegaan en die

nag daar oorgebly. En kyk, die woord van יהוה het tot hom gekom en vir hom gesê: "Wat maak jy hier, Ëlijahu?"

<sup>10</sup> En hy het gesê: "Ek was baie ywerig vir יהוה, die Elohim van die leërskaer, want die kinders van Jisra'ël het U verbond verlaat. Hulle het U altare afgebreek en U profete met die swaard dood gemaak, en ek alleen het oorgebly, en hulle soek my lewe om dit te neem."

<sup>11</sup> En Hy het gesê: "Gaan uit en staan op die berg voor יהוה." En kyk, יהוה het verbygegaan, terwyl 'n groot en sterk wind die berge geskeur en die rotse verbreek het voor יהוה. יהוה was nie in die wind nie. En ná die wind 'n aardbewing. יהוה was nie in die aardbewing nie.

<sup>12</sup> En ná die aardbewing 'n vuur. יהוה was nie in die vuur nie. En ná die vuur die gesuis van 'n sagte stem.

<sup>13</sup> En toe Ëlijahu dit gehoor het, het hy sy gesig met sy mantel toegedraai en uitgegaan en by die ingang van die grot gaan staan. En kyk, 'n stem het na hom gekom en gesê: "Wat maak jy hier, Ëlijahu?"

<sup>14</sup> En hy het gesê: "Ek was baie ywerig vir יהוה, die Elohim van die leërskaer, want die kinders van Jisra'ël het U verbond verlaat. Hulle het U altare afgebreek en U profete met die swaard dood gemaak, en ek alleen het oorgebly, en hulle soek my lewe om dit te neem."

<sup>15</sup> Maar יהוה het vir hom gesê: "Gaan terug op jou pad na die woestyn van Damaskus. En gaan en salf Ĥasa'ël as koning oor Aram.

<sup>16</sup> "En salf Jëhu, die seun van Nimsi, as koning oor Jisra'ël. En salf Elisha, die seun van Shafat, uit Ab'ël-Meĥóla, as profeet in jou plek.

<sup>17</sup> "En hy wat die swaard van Ĥasa'ël ontsnap, sal Jëhu doodmaak. En hy wat die swaard van Jëhu ontsnap, sal Elisha doodmaak.

<sup>18</sup> "Maar Ek sal sewe duisend in Jisra'ël laat oorbly, al die knieë wat nie voor Baäl gekniel en elke mond wat hom nie

gesoen het nie."

<sup>19</sup> Hy het toe van daar gegaan en Elisha, die seun van Shafat, aangetref terwyl hy geploeg het met twaalf paar osse voor hom en hy self by die twaalfde paar was. En Ëlijahu het by hom verbygegaan en sy mantel op hom gegooi.

<sup>20</sup> En hy het die osse gelos en agter Ëlijahu aan geloop en gesê: "Laat ek asseblief my vader en my moeder soen, daarna sal ek u volg. En hy "het aan hom gesê: "Gaan, draai terug, want wat het ek aan jou gedoen?"

<sup>21</sup> Hy het toe agter hom omgedraai en die paar osse geneem en geslag, en met die osse se trekgoed het hy hulle vleis gaar gemaak en aan die mense gegee, en hulle het geëet. Hy het toe opgestaan en Ëlijahu gevolg en hom gedien.

**20** En Ben-Hadad, die koning van Aram, het sy hele leër versamel, en twee en dertig konings was saam met hom, met perde en strydwaens. En hy het opgetrek en Shomaron beleër en daarteen geveg.

<sup>2</sup> En hy het boodskappers in die stad na Agab, die koning van Jisra'ël, gestuur en aan hom gesê: "So sê Ben-Hadad:

<sup>3</sup> 'Jou silwer en jou goud, dit is myne, en jou mooiste vrouens en kinders, hulle is myne.'"

<sup>4</sup> En die koning van Jisra'ël het geantwoord en gesê: "Volgens u woord, my meester die koning, ek is u s'n met alles wat ek het!"

<sup>5</sup> En die boodskappers het terug gekom en gesê: "So sê Ben-Hadad: 'Alhoewel ek aan jou gestuur en gesê het: "Jou silwer en jou goud en jou vrouens en jou kinders moet jy aan my gee,"

<sup>6</sup> maar móre ongeveer hierdie tyd sal ek my dienaars na jou stuur, dat hulle jou huis en die huise van jou dienaars deursoek. En hulle sal alles wat begeerlik is in jou oë, in hulle hand lê en wegneem.'"

<sup>7</sup> En die koning van Jisra'ël het al die oudstes van die land geroep en gesê: "Weet nou en sien die boosheid wat die man soek, want hy het na my gestuur



om my vrouens en my kinders en my silwer en my goud te laat haal, en ek het dit hom nie geweier nie."

<sup>8</sup> En al die oudstes en die hele volk het aan hom gesê: "Moenie luister of inwillig nie."

<sup>9</sup> Daarom het hy aan die boodskappers van Ben-Hadad gesê: "Sê aan my meester die koning: 'Alles waarvoor u die eerste keer na u dienaar gestuur het, sal ek doen, maar hierdie ding kan ek nie doen nie.'" En die boodskappers het gegaan en hom antwoord gebring.

<sup>10</sup> En Ben-Hadad het na hom gestuur en gesê: "Mag die elohim so aan my doen en "nog meer, indien genoeg stof oorbly van Shomaron vir die holle hande van al die mans wat my voetstappe volg!"

<sup>11</sup> Maar die koning van Jisra'ël het geantwoord: "Sê: 'Die een wat hom vasgord, moet nie spog soos die een wat hom losgord nie.'"

<sup>12</sup> En dit het gebeur toe hy hierdie woord hoor, terwyl hy besig was om te drink, hy en die konings in die tente, het hy aan sy dienaars gesê: "Stel julle op!" En hulle het hul opgestel teen die stad.

<sup>13</sup> En kyk, 'n profeet het na Agab, die koning van Jisra'ël, gekom en gesê: "So "sê יהוה: 'Het jy hierdie hele groot menigte gesien? Kyk, Ek gee hulle vandag in jou hand, dat jy kan weet dat Ek יהוה is.'"

<sup>14</sup> En Agab het gesê: "Deur wie?" En hy het gesê: "So sê יהוה: 'Deur die jongmanne van die owerstes van die provinsies.'" En hy het gesê: "Wie moet die geveg begin?" En hy het gesê: "U."

<sup>15</sup> Hy het toe die jongmanne van die owerstes van die provinsies opgestel, en hulle was twee honderd twee en dertig. En ná hulle het hy al die mans, al die kinders van Jisra'ël opgestel, sewe duisend.

<sup>16</sup> En hulle het teen middag uitgetrek terwyl Ben-Hadad hom dronk gedrink het in die tente, hy en die konings, die twee en dertig konings wat hom gehelp het.

<sup>17</sup> En die jongmanne van die owerstes

van die provinsies het eerste uitgetrek. En Ben-Hadad het uitgestuur, en hulle het hom vertel en gesê: "Mans het uit Shomaron getrek."

<sup>18</sup> En hy het gesê: "Indien hulle vir vrede uitgetrek het, gryp hulle lewendig, en indien hulle vir oorlog uitgetrek het, gryp hulle lewendig."

<sup>19</sup> So het hierdie jongmanne van die owerstes van die provinsies uit die stad getrek en die leër het hulle gevolg.

<sup>20</sup> En hulle het elkeen sy man verslaan, sodat die Arameërs gevlug en Jisra'ël hulle agtervolg het. En Ben-Hadad, die koning van Aram, het op 'n perd ontsnap saam met perderuiters.

<sup>21</sup> En die koning van Jisra'ël het uitgetrek en perde en strydwaens verslaan, en hy het die Arameërs verslaan, 'n groot slag.

<sup>22</sup> En die profeet het na die koning van Jisra'ël gekom en vir hom gesê: "Gaan, wees sterk. En ondersoek en kyk wat u moet doen, want teen die draai van die jaar sal die koning van Aram teen u optrek."

<sup>23</sup> En die dienaars van die koning van Aram het vir hom gesê: "Hulle elohim is elohim van die berge. Daarom was hulle vir ons te sterk. Maar indien ons met hulle op die vlakke veg, sal ons sekerlik sterker wees as hulle.

<sup>24</sup> "Doen nou hierdie ding: Verwyder die konings, elkeen uit sy plek, en stel goewerneys aan in hulle plek.

<sup>25</sup> "En werf self vir u 'n leër soos die leër wat u verloor het, perd vir perd, en strydwa vir strydwa, en laat ons teen hulle in die vlakke veg, dan sal ons sekerlik sterker wees as hulle." En hy het na hulle geluister en so gedoen.

<sup>26</sup> En dit het gebeur teen die draai van die jaar het Ben-Hadad die Arameërs gemonster en opgetrek na Afëk om teen Jisra'ël te veg.

<sup>27</sup> Die kinders van Jisra'ël is ook gemonster en kos gegee, en teen hulle opgetrek. En die kinders van Jisra'ël het teenoor hulle laer opgeslaan soos twee klompies bokke, terwyl die Arameërs die

land gevul het.

<sup>28</sup> En die man van Elohim het nader gekom en aan die koning van Jisra'ël gesê: "So sê יהוה: 'Omdat die Arameërs gesê het: "יהוה is elohim van die berge, en Hy is nie elohim van die vlaktes nie," daarom sal Ek hierdie hele groot menigte in jou hand gee, en julle sal weet dat Ek יהוה is.'"

<sup>29</sup> En hulle het sewe dae lank teenoor mekaar gestaan. En dit het gebeur op die sewende dag dat die geveg begin het. En die kinders van Jisra'ël het van die Arameërs honderd duisend voetgangers op een dag verslaan.

<sup>30</sup> En die wat oor was, het na Afëk, na die stad gevlug, en 'n muur het op die sewe en twintig duisend man geval wat oor was. En Ben-Hadad, het die stad ingevlug, en van kamer tot kamer gegaan.

<sup>31</sup> En sy dienaars het vir hom gesê: "Kyk nou, ons het gehoor dat die konings van die huis van Jisra'ël barmhartige konings is. Laat ons asseblief rouklere om ons heupe bind en bande om ons koppe en uitgaan na die koning van Jisra'ël. Moontlik sal hy u lewe spaar."

<sup>32</sup> Hulle het toe rouklere om hul heupe vasgeord en bande om hul koppe en na die koning van Jisra'ël gekom en gesê: "U dienaar Ben-Hadad sê: 'Laat my asseblief lewe!' En hy het gesê: "Lewe hy dan nog? Hy is my broer."

<sup>33</sup> En die mans het dit as 'n gunstige voorteken gesien en vinnig aangegryp en gesê: "Ben-Hadad is u broer!" En hy het gesê: "Gaan haal hom!" En Ben-Hadad het uitgekóm na hom, en hy het hom op die wa laat klim.

<sup>34</sup> En Ben-Hadad het vir hom gesê: "Die stede wat my vader van u vader afgeneem het, sal ek teruggee, en u kan vir u markgebiede in Damaskus aanlê soos my vader in Shomaron aangelê het." En Agab het gesê: "Ek sal u op hierdie verbond laat gaan." Hy het toe 'n verbond met hom gesluit en hom weggestuur.

<sup>35</sup> En 'n man uit die profete-seuns het deur die woord van יהוה aan sy maat

gesê: "Slaan my tog!" Maar die man het geweier om hom te slaan.

<sup>36</sup> En hy het vir hom gesê: "Omdat jy nie na die stem van יהוה geluister het nie, kyk, wanneer jy van my af weggaan, sal 'n leeu jou doodmaak." En toe hy van hom af geloop het, het 'n leeu hom gekry en hom dood gemaak.

<sup>37</sup> En hy het 'n ander man gekry en gesê: "Slaan my tog!" En die man het hom geslaan, geslaan en gewond.

<sup>38</sup> Die profeet het toe en gegaan en die koning op die pad ingewag. Hy het homself vermom met 'n band oor sy oë.

<sup>39</sup> En terwyl die koning verbygegaan het, het hy na die koning geroep en gesê: "U dienaar het uitgetrek in die geveg. En kyk, iemand het gekom en 'n man na my gebring en gesê: 'Bewaak hierdie man. Indien hy ooit gemis word, sal jou lewe in die plek van sy lewe wees, of jy sal 'n talent silwer moet betaal.'

<sup>40</sup> "En dit het gebeur, terwyl u dienaar hier en daar besig was, het hy verdwyn." En die koning van Jisra'ël het vir hom gesê: "Jou vonnis het jy self bepaal."

<sup>41</sup> Hy het toe gou die band van sy oë af weg geneem en die koning van Jisra'ël het hom herken as een van die profete.

<sup>42</sup> En hy het vir hom gesê: "So sê יהוה: 'Omdat jy die man wat onder My banvloek was, uit die hand laat gaan het, daarom sal jou lewe in die plek van sy lewe en jou volk in die plek van sy volk wees.'"

<sup>43</sup> En die koning van Jisra'ël het na sy huis getrek, verbitterd en toornig, en hy het in Shomaron aangekom.

**21** En ná hierdie dinge het dit gebeur dat Nabot, 'n Jisre'ëliet, in Jisre'ël 'n wingerd gehad het, wat langs die paleis van Agab, die koning van Shomaron was.

<sup>2</sup> En Agab het met Nabot gepraat en gesê: "Gee my jou wingerd, dat dit my groentetuin kan word, want dit is naby, langsaan my huis. En ek sal jou in die plek daarvan 'n wingerd gee wat beter is. Indien dit goed is in jou oë, sal ek jou die koopprys daarvan in silwer gee."

<sup>3</sup> En Nabot het vir Agab gesê: "Mag יהוה my weerhou dat ek die erfdeel van my vaders aan u sou gee!"

<sup>4</sup> En Agab het in sy huis gegaan, verbitterd en toornig oor die woord wat Nabot, die Jisreëliet, aan hom gesê het, toe hy gesê het: "Ek mag nie die erfdeel van my vaders aan u gee nie." En hy het op sy bed gaan lê en sy gesig omgedraai en geen brood geëet nie.

<sup>5</sup> En Isébel sy vrou het by hom gekom en vir hom gesê: "Waarom is jou gees dan so verbitterd dat jy geen brood eet nie?"

<sup>6</sup> En hy het aan haar gesê: "Omdat ek met Nabot, die Jisreëliet, gepraat en aan hom gesê het: 'Gee my jou wingerd vir geld, of as jy wil, sal ek jou 'n wingerd in die plek daarvan gee.' Maar hy het gesê: 'Ek mag my wingerd nie aan u gee nie.'"

<sup>7</sup> Toe het Isébel sy vrou vir hom gesê: "Regeer jy nie oor Jisra'el nie? Staan op, eet brood, en laat jou hart vrolik wees. Ek sal jou die wingerd van Nabot, die Jisreëliet, gee."

<sup>8</sup> Sy het toe briewe in die naam van Agab geskryf en met sy seël dit verseël en die briewe gestuur aan die oudstes en die edeles wat in sy stad was, wat by Nabot gewoon het.

<sup>9</sup> En sy het in die briewe geskryf: "Roep 'n vasdag uit, en sit Nabot vooraan onder die volk,

<sup>10</sup> en sit twee mans, seuns van Belija'al, teenoor hom, om teen hom te getuig en te sê: 'Jy het Elohim en die koning gelaster! Lei hom dan uit en stenig hom, dat hy sterf.'"

<sup>11</sup> Die mans van sy stad, die oudstes en die edeles wat in sy stad gewoon het, het toe gemaak soos Isébel hulle laat weet het, soos geskryf was in die briewe wat sy aan hulle gestuur het.

<sup>12</sup> Hulle het 'n vasdag uitgeroep en Nabot vooraan onder die volk gesit.

<sup>13</sup> En die mans, seuns van Belija'al, het gekom en teenoor hom gaan sit. En die mans van Belija'al het teen hom, teen Nabot, voor die volk getuig en gesê: "Nabot het Elohim en die koning

gelaster." Hulle het hom buitekant die stad uitgelei en hom gestenig, sodat hy gesterf het.

<sup>14</sup> En hulle het na Isébel gestuur en gesê: "Nabot is gestenig en is dood."

<sup>15</sup> En dit het gebeur toe Isébel gehoor het dat Nabot gestenig en dood was, het Isébel vir Agab gesê: "Staan op, neem die wingerd van Nabot, die Jisreëli, in besit wat hy geweier het om vir geld aan jou te gee, want Nabot leef nie, maar is dood."

<sup>16</sup> En dit het gebeur toe Agab gehoor het dat Nabot dood was, het Agab opgestaan om na die wingerd van Nabot, die Jisreëliet, af te gaan om dit in besit te neem.

<sup>17</sup> En die woord van יהוה het tot Ēlijahu, die Tishbiet, gekom en gesê:

<sup>18</sup> Staan op, gaan af en ontmoet Agab, die koning van Jisra'el, wat in Shomaron is. Kyk, hy is in die wingerd van Nabot, waarheen hy afgegaan het om dit in besit te neem.

<sup>19</sup> En jy moet met hom praat en sê: "So sê יהוה: 'Het jy vermoor en ook in besit geneem?' Verder moet jy met hom praat en sê: 'So sê יהוה: "Op die plek waar die honde die bloed van Nabot gelek het, sal die honde ook jou eie bloed lek.'"

<sup>20</sup> En Agab het vir Ēlijahu gesê: "Het jy my gekry, my vyand?" En hy het gesê: "Ek het u gekry, omdat u uself verkoop het om te doen wat verkeerd is in die oë van יהוה:"

<sup>21</sup> 'Kyk, Ek gaan teëspoed bring oor jou en jou nakomelinge verteer, en Ek sal van Agab uitroei almal wat manlik is in Jisra'el, sonder uitsondering.

<sup>22</sup> 'En Ek sal jou huis maak soos die huis van Jarob'am, die seun van Nebat, en soos die huis van Ba'sha, die seun van Ahija, weens die uitarting waarmee jy My getart het, en dat jy Jisra'el laat sondig het.'

<sup>23</sup> "En יהוה het ook oor Isébel gepraat en gesê: 'Die honde sal Isébel eet by die muur van Jisre'el.'

<sup>24</sup> "Die van Agab wat in die stad sterf, hy

sal deur die hand geëet word, en wie in die veld sterf, sal deur die voëls van die hemel geëet word.”

<sup>25</sup> Waarlik, daar was niemand soos Agab wat homself verkoop het om boosheid te doen in die oë van יהוה nie, omdat sy vrou Isébel hom verlei het.

<sup>26</sup> En hy het baie gruwelik gehandel deur agter die idole aan te loop net soos die Amoriete gedoen het wat יהוה voor die kinders van Jisra'ël uit verdryf het.

<sup>27</sup> En dit het gebeur toe Agab hierdie woorde gehoor het, het hy sy klere geskeur en 'n roukleed om sy lyf gebind en gevas, hy het ook met die roukleed geslaap en stadig rondgeloop.

<sup>28</sup> En die woord van יהוה het tot Elijahu, die Tishbiet, gekom en sê:

<sup>29</sup> “Het jy gesien dat Agab hom voor My verneder het? Omdat hy hom voor My verneder het, sal Ek die teëspoed nie in sy dae bring nie. Maar in die dae van sy seun sal Ek die kwaadd oor sy huis bring.”

**22** Hulle het drie jaar stil gesit, sonder oorlog tussen Aram en Jisra'ël.

<sup>2</sup> En dit het gebeur in die derde jaar dat J'hoshafat, die koning van J'huda, na die koning van Jisra'ël afgekom het.

<sup>3</sup> En die koning van Jisra'ël het aan sy dienaars gesê: “Weet julle dat Ramot in Gil'ad aan ons behoort? En ons sit stil sonder om dit uit die hand van die koning van Aram te neem!”

<sup>4</sup> En hy vir J'hoshafat gesê: “Sal u saam met my in die oorlog trek na Ramot in Gil'ad?” En J'hoshafat het aan die koning van Jisra'ël gesê: “Ek is soos u, my volk soos u volk, my perde soos u perde.”

<sup>5</sup> En J'hoshafat het aan die koning van Jisra'ël gesê: “Raadpleeg asseblief eers die woord van יהוה.”

<sup>6</sup> En die koning van Jisra'ël het die profete vergader, omtrent vier honderd man, en hy het aan hulle gesê: “Sal ek teen Ramot in Gil'ad trek om te veg of dit laat staan?” En hulle het gesê: “Trek op, en יהוה sal dit in die hand van die koning gee.”

<sup>7</sup> En J'hoshafat het gesê: “Is daar nie nog 'n profeet van יהוה, dat ons hom kan raadpleeg nie?”

<sup>8</sup> En die koning van Jisra'ël het aan J'hoshafat gesê: “Daar is nog een man om deur hom יהוה te raadpleeg, maar ek haat hom, omdat hy oor my niks goeds profeteer nie, maar teëspoed. Migajahu, die seun van Jimla.” En J'hoshafat het gesê: “Die koning moet nie so praat nie!”

<sup>9</sup> Die koning van Jisra'ël het toe 'n hofdienaer geroep en gesê: “Gaan haal vinnig Migajahu, die seun van Jimla.”

<sup>10</sup> En die koning van Jisra'ël en J'hoshafat, die koning van J'huda, het elkeen op sy troon gesit, geklee met koninklike klere, op 'n dorsvloer by die ingang van die poort van Shomaron, en al die profete het voor hulle geprofeteer.

<sup>11</sup> En Tsedekija, die seun van Kanaäna, vir hom ysterhorings gemaak en gesê: “So sê יהוה: ‘Hiermee sal u die Arameërs stoot totdat hulle vernietig is.’”

<sup>12</sup> En al die profete het so geprofeteer en gesê: “Trek op na Ramot in Gil'ad en u sal voorspoedig wees, en יהוה sal dit in die hand van die koning gee.”

<sup>13</sup> En die boodskapper wat gegaan het om Migajahu te roep, het met hom gepraat en gesê: “Kyk nou, die woorde van die profete is uit een mond goed vir die koning. Laat jou woord asseblief wees soos die woord van een van hulle, en sê goeie dinge.”

<sup>14</sup> En Migajahu het gesê: “So waar as יהוה leef, voorwaar, wat יהוה vir my sê, dit sal ek praat!”

<sup>15</sup> En hy het by die koning gekom, en die koning het vir hom geê: “Migajahu, sal ons na Ramot in Gil'ad trek om te veg, of sal ons dit laat staan?” En hy het aan hom gesê: “Trek op, en u sal voorspoedig wees, en יהוה sal dit in die hand van die koning gee.”

<sup>16</sup> En die koning het vir hom gesê: “Hoeveel maal moet ek jou laat sweer dat jy niks as die waarheid in die Naam van יהוה aan my moet sê nie?”

<sup>17</sup> Toe het hy gesê: “Ek het die hele

Jisra'ël gesien, verstrooid op die berge soos skape wat geen wagter het nie. En יהוה het gesê: 'Hulle het geen meester nie. Laat hulle elkeen in vrede teruggaan na sy huis.'

<sup>18</sup> Toe het die koning van Jisra'ël vir J'hoshafat gesê: "Het ek u nie gesê dat hy niks goeds oor my profeteer nie, maar kwaad?"

<sup>19</sup> Toe het hy gesê: "Daarom, hoor die woord van יהוה: Ek het יהוה sien sit op Sy troon terwyl al die hemelse leërskaare by Hom staan, aan Sy regterhand en aan sy linkerhand.

<sup>20</sup> "En יהוה het gesê: 'Wie sal Agab oorhaal, dat hy kan optrek en val by Ramot in Gil'ad?' En die een het dit gesê, en die ander weer dát.

<sup>21</sup> "En 'n gees het na vore gekom en voor יהוה gaan staan en gesê: 'Ek sal hom oorhaal.' En יהוה het aan hom gesê: 'Hoe?'

<sup>22</sup> "En hy het gesê: 'Ek sal uitgaan en 'n leuengees in die mond van al sy profete word.' En Hy sê: 'Jy sal oorhaal, en jy sal ook oorwin. Gaan uit en doen so.'

<sup>23</sup> "En nou, kyk, יהוה het 'n leuengees in die mond van al hierdie profete van u gegee, en יהוה het teespoed oor u uitgespreek."

<sup>24</sup> En Tsedekija, die seun van Kanaana, het nader gekom en Migajahu op die kakebeen geslaan en gesê: "Hoe dan het die Gees van יהוה van my af weggegaan om met jou te praat?"

<sup>25</sup> En Migajahu het gesê: "Kyk, jy sal dit sien op dieselfde dag wanneer jy van kamer tot kamer sal gaan om jou te versteek."

<sup>26</sup> En die koning van Jisra'ël het gesê: "Neem Migajahu en vat hom terug na Amon, die owerste van die stad, en na Joash, die seun van die koning.

<sup>27</sup> "En jy moet sê: 'So sê die koning: 'Sit hierdie man in die gevangenis en voer hom met brood van verdrukking en water van verdrukking totdat ek in vrede terug kom.'"

<sup>28</sup> En Migajahu het gesê: "Indien u ooit in

vrede terug kom, dan het יהוה nie deur my gepraat nie." En hy het gesê: "Luister alle mense!"

<sup>29</sup> En die koning van Jisra'ël en J'hoshafat, die koning van J'huda, het opgetrek na Ramot in Gil'ad.

<sup>30</sup> En die koning van Jisra'ël het vir J'hoshafat gesê: Ek sal my vermom en in die geveg gaan, trek ú maar u eie klere aan." So het die koning van Jisra'ël hom dan vermom en in die geveg gegaan.

<sup>31</sup> En die koning van Aram het die owerstes van sy twee en dertig strydwaens beveel en gesê: "Julle moet nie teen klein of groot veg nie, maar alleenlik die koning van Jisra'ël."

<sup>32</sup> En dit het gebeur toe die owerstes van die waens J'hoshafat gesien het, het hulle gesê: "Dit is verseker die koning van Jisra'ël!" En hulle het weggeswaai om teen hom te veg, en J'hoshafat het geskreeu.

<sup>33</sup> En toe die owerstes van die waens gesien het dat dit nie die koning van Jisra'ël was nie, het hulle agter hom weggedraai.

<sup>34</sup> En 'n man het in sy eenvoudigheid die boog gespan en die koning van Jisra'ël getref tussen die hegsstukke van sy pantser. En hy het aan sy drywer gesê: "Draai om en neem my uit die geveg, want ek is gewond."

<sup>35</sup> En die geveg het dié dag toegeneem. En die koning het staande gebly in die strydwa teenoor die Arameërs, en in die aand is hy dood. En die bloed van die wond het op die wa se vloer gevloei.

<sup>36</sup> En teen sonsondergang het 'n geskreeu deur die leër gegaan: "Elkeen na sy stad en elkeen na sy land!"

<sup>37</sup> En die koning het dood in Shomaron aangekom, en die koning is in Shomaron begrawe.

<sup>38</sup> En toe hulle die wa uitspoel by die dam van Shomaron, het die honde sy bloed gelek, waar die hoere hule gewas het, volgens die woord van יהוה wat Hy gesê het.

<sup>39</sup> En die verdere geskiedenis van Agab

en alles wat hy gedoen het, en die ivoorhuis wat hy gebou het, en al die stede wat hy gebou het, is dit nie beskryf in die boek van die annale van die konings van Jisra'ël nie?

<sup>40</sup> En Agab het ontslaap met sy vaders, en sy seun Aḥásjahu het in sy plek regeer.

<sup>41</sup> En J'hoshafat, die seun van Asa, het oor J'huda begin regeer in die vierde jaar van Agab, die koning van Jisra'ël.

<sup>42</sup> J'hoshafat was vyf en dertig jaar oud toe hy koning geword het, en hy het vyf en twintig jaar in J'rushalajim regeer. En die sy moeder se naam was Asúba, die dogter van Shilhí.

<sup>43</sup> En hy het in die al die weë van sy vader Asa gewandel. Hy het nie daarvan afgewyk nie, deur te doen wat reg was in die oë van יהוה. Net die hoogtes is nie afgeskaf nie. Die volk het nog op die hoogtes geoffer en rook laat opgaan.

<sup>44</sup> En J'hoshafat het vrede gesluit met die koning van Jisra'ël.

<sup>45</sup> En die verdere geskiedenis van J'hoshafat en sy magtige dade wat hy gedoen het, en hoe hy oorlog gevoer het, is dit nie beskryf in die boek van die annale van die konings van J'huda nie?

<sup>46</sup> Ook die manlike hoere wat uit die dae van sy vader Asa nog oor was, het hy uit die land verdryf.

<sup>47</sup> Daar was toe nie 'n koning in Edom nie, 'n plaasvervanger was koning.

<sup>48</sup> J'hoshafat het Tarshish-skepe gebou om in Ofir goud te gaan haal. Hulle het egter nie gegaan nie, want die skepe het in Étsjon-Geber skipbreuk gely.

<sup>49</sup> Toe het Aḥásjahu, die seun van Agab, vir J'hoshafat gesê: "Laat my dienaars saam met u dienaars op die skepe gaan." Maar J'hoshafat wou nie.

<sup>50</sup> En J'hoshafat het ontslaap met sy vaders en is by sy vaders begrawe in die stad van sy vader Dawid. En sy seun J'horam het in sy plek regeer.

<sup>51</sup> Aḥásjahu, die seun van Agab, het oor Jisra'ël in Shomaron begin regeer in die sewentiende jaar van J'hoshafat, die koning van J'huda, en het twee jaar oor Jisra'ël regeer.

<sup>52</sup> En hy het boosheid gedoen in die oë van יהוה en het gewandel in die weg van sy vader en in die weg van sy moeder en in die weg van Jarob'am, die seun van Nebat, wat Jisra'ël laat sondig het.

<sup>53</sup> En hy het Baäl gedien en voor hom neergebuig en יהוה, die Elohim van Jisra'ël, getart, net soos sy vader gedoen het